# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

GRATIS OP KAMPUS VERSPREI NR 1 DONDERDAG 15 SEPTEMBER 1994




Sting slaan angel in Kaapse bodem. D&N 3

# Inkomtye moontlik uit

**Die finale stemming wat bepalend is in die moontlike afskaffing van inkomtye by vrouekoshuise op die US, is onlangs afgehandel. Die uitslag van die stemming moet eers deur die studente aan Administrasie voorgelê word, voordat 'n besluit oor inkomtye deur Administrasie geneem kan word.**

Deur Jan Schoombee

VROUE in dertien koshuise het deur die bank teen die behoud van inkomtye gestem. Dit beteken dat 'n dubbelmodusdeur teen 'n koste van R42 000 by die vrouekoshuise geïnstalleer sal word. Die kostes sal oor 'n tydperk van tien jaar verhaal word. Elke inwoner van 'n koshuis met ongeveer 200 inwoners sal veertig rand ekstra per jaar daarvoor moet betaal. Volgens die stembriefie sal "inkomtye en deurwagte onderhandel word".

Die alternatief was die behoud van inkomtye en die installering van 'n enkelmodusdeur. Die koste hiervan, naamlik R21 000, sal ook oor tien jaar verhaal word. Die deurwagte sou ook moontlik behou word. Verder sou die vroue hulle salarisse moes betaal. Die enkeldeur kon ook later in 'n dubbeldeur omgeskakel word. Altesaam 77 persent van die vrouens het teen hierdie reëling gestem.

Daar is aanvanklik eers gestem om menings oor inkomtye te toets. Me Sam Walbrugh, die gewese SR-lid vir vrouekoshuise, voel daar is vasgestel dat die meeste vroue gekant was teen inkomtye met die eerste meningsopname in Mei en dat daar dus "'n mandaat was om na die kwessie te kyk." Gevolglik is daar toe tydens die SR-verkiesing oor die praktiese implikasies gestem.

Al die vroue in koshuise, met die uitsondering van die in Sonop en Huis Neethling, het gestem. Die stempersentasie was 77,75 persent. Nerina, Heemstede en Lydia, wat in die eerste meningspeiling, vir inkomtye gestem het, het ook teen inkomtye en vir die dubbeldeur gestem. Volgens die prim van Lydia en nuwe SR-lid vir Vroukoshuise, Nina le Riche, is die rede daarvoor grootliks dat die vroue meer ingelig was as tydens die eerste stemming en die implikasies van hulle stem beter uiteengesit was. "By die eerste stemmery het hulle nie geweet dat daar in elk geval 'n deur gaan kom nie."

Me le Riche voel "dit is 'n ekonomiese misstap om 'n enkeldeur te installeer". Inkomtye was, volgens haar, 'n beperking van vryhede en sal mootlik afgeskaf word. "Dit gaan nie oor laat uit bly nie, maar die reg tot 'n keuse."

Me Walbrugh moet op 30 September 'n verslag saamstel oor die aangeleentheid. Dit moet deur die dagbestuur van die Universiteit en die Rektor en Vise-kanselier, prof Andreas van Wyk, goedgekeur word. Daarna kan daar begin word om die deure by die vrouekoshuise te installeer.

Me Walbrugh het gesê sy hoop dis die einde van diskriminasie teen vroue in koshuise en was van meening dat die sekuriteit en veiligheid wat die dubbledeure bied so 'n stap regverdig. "Ons het hard baklei om te kom waar ons nou is. Administrasie besef nou dis 'n saak van erns vir vroue in koshuise."

Mnr Chris du Raan, die vorige SR-lid vir manskoshuise, voel daar is nie tans sekerheid of sekuriteitsdeure by manskoshuise geïnstalleer gaan word nie. "Die moontlikheid van so iets bestaan wel in die toekoms. Die probleem is egter dat mans voel hulle vryheid kan ingeperk word daardeur."

Volgens mnr Calla du Toit, die nuwe SR-lid vir manskoshuise, is 'n deeglike ondersoek eers nodig om te bepaal of so 'n behoefte onder mans bestaan. "Dit sal nog 'n geruime tyd vat voor mans daaroor sal kan besluit. Mans sal egter ook die geleentheid gegun word om daaroor te stem. Elke koshuis sal self hieroor moet besluit." 'n Eenvormige beleid vir alle manskoshuise, soos Administrasie vir vrouekoshuise in die verband voorgeskryf het, is weens praktiese redes nie moontlik nie.

Volgens mnr du Toit is die deure nie "om vryheid in te perk nie, maar om toegangsbeheer te verseker sodat net die inwoners wat bemagtig is om in te kom, kan inkom."

Die waarnemende Rektor, prof Christo Viljoen, en die Hoofdirekteur: Studentesake, prof Flip de Wet, kon nie vir kommentaar opgespoor word nie. Volgens die hoof van Koshuisadministrasie, mnr Dawie Malan, moet die inligting van die stemming nog na Administrasie deurgestuur word, waarna die dagbestuur daaroor sal besluit.



Hier is Chris Voster as Argon, die aards-sieke, en Marianne Stander as sy suster, Geraldine, in 'n toneel uit "Ipekonders", wat om 20:15 op 15-17 en 22-24 September in die HB Thom-teater opgevoer word. Kaartjies is beskikbaar by Computicket.

# Afrikaans verander op US

Deur Kotie Ferreira

DIE Departement Afrikaans en Nederlands bied vanaf 1995 'n aantal nuwe magisteropsies aan. Buiten die bestaande tesisopsie, sal studente kan kies tussen drie ander kursusse. Dit sluit in 'n tweejarige MA-kursus wat gevolg kan word na verwerwing van 'n B-graad, 'n eenjarige kursus na verwerwing van 'n honneursgraad en 'n buitelandse opsie. In laasgenoemde geval sal studente 'n gedeelte van hulle studies aan die Universiteit van Leiden in Nederland afhandel.

'n Advertensie om die oogmerke van hierdie nuwe kursusse bekend te maak is verlede Sondag in *Die Rapport* geplaas. Volgens inligting uit die Departement was die reaksie "oorweldigend". Navrae is van so ver as Hazyview en St Helenabaai gekry en dek alle bevolkingsgroepe. Twee derdes van alle navrae is van bruinmense ontvang.

Die Departement is ook besig met 'n ingrypende herbeplanning van die voorgraadse kursus. Die leerplanne wat binne die Departement aangebied word, sal grondig hersien word.

Tweede- en derdejaarstudente sal dan vanaf 1995 self hulle kursus kan saamstel. Alhoewel sommige van die kursusse verpligtend sal wees, sal 'n beduidende deel van die leerplan bestaan uit keusekursusse.

Volgens dr Louise Viljoen, dosent aan die Departement, hou die aanpassings tred met die veranderende omstandighede in die land. "Ek beskou hierdie veranderinge as baie opwindend. Die kursusse sal stof bevat wat sterk aansluit by die veranderende studentegehoor."

# Teerder se stertvere gepluk

MNR PIETER DE KLERK, 'n finalejaar BComm (Landbou) student, is 'n boete van R700 of gevangenisstraf van vier maande opgelê vir sy aandeel in die teer-en-veer van twee Ikey-studente binne Wilgenhof.

Die twee Ikeys is op die aand van 14 Junie 1993 geteer-en-veer nadat hulle die aand voor Wilgenhof "bekfluitjie" geskreeu het.

Landdros Engelbrecht het in sy uitspraak gesê die ervaring was vir die twee Ikeys, mnr Kevin Mundy en mnr Mark Gray, traumaties. Volgens die Landros het hulle nie gedink dat dit amusant was nie. Mnr de Klerk dink nog steeds dat dit 'n grap was, het hy in sy uitspraak gesê. Landros Engelbrecht het tydens die oplegging van die vonnis gesê dat die oortreding in groepsverband beskou moet word.

"Die tye het verander en omstandighede en tradisies moet daarby aanpas," het Landros Engelbrecht gesê.





**MENINGS: Vind uit hoe ander geleer het.**

p 5





**ANDRé SERFONTEIN: Die voorsitterskap en ander dinge...**

p 10





**SEKS: Die duur prys van 'n volstruissindroom.**

P 7



FANTASTIESE VAKANSIEWERK

Kom werk van November tot Januarie by 'n heerlike informele seekosrestaurant....op die strand.

- Geen kelner-werk
- Ontvang en onthaal gaste
- Ry baie rond - afhaal van kreef en ander bestellings
- Verdien R3 000 (gewaarborgde minimum) - R4 000
- Ontmoet interessante mense
- Moet spontane en sosiale persoon wees
- Moet in Weskus area bly
- Moet eie vervoer na Langebaan hê
- Moet alle ure, alle dae kan werk
- Moet regtig entoesiasties en positief wees



*Baie pret, lang ure, goeie verdienste, maar harde werk!*
*Skakel Chris (alle ure) 02287-22490*

# Hoë stemtal in SR-verkiesing

Deur Anna-Retha Kriel

DIE stempersentasie van die onlangse SR-verkiesing was die hoogste in jare. Tydens die verkiesing, wat op 30 en 31 Augustus gehou is, het 40,16 persent van die studente gestem. Hierdie syfer is tot dubbeld soveel as wat die stempersentasies by baie ander universiteite se SR-verkiesings was.

Volgens die stembuskonvenor, mnr Willem Grobler, kan dié hoë persentasie toegeskryf word aan die rekordgetal kandidate wat hulle vir die verkiesing beskikbaar gestel het.

Die vorige SR-voorsitter, Louis du Preez, het gesê die "kontroversie" wat daar rondom hierdie jaar se verkiesing was, het ook bygedra daartoe dat die studente bewus van die verkiesing geword het.

"Die Matie wat die vorige week uitgekom het, het baie reklame aan die hele verkiesing gegee. Die slagspreuke wat op die stopstrate aangebring is, het ook die studente bewus gemaak dat iets aan die gebeur was."

Volgens mnr du Preez het hierdie jaar se stembriefies anders gelyk as in vorige jare. Foto's van die kandidate is daarop aangebring en die name het nie soos in die verlede alfabeties verskyn nie, maar die volgorde is vasgestel deur vooraf nommers te trek. Dit het meegebring dat studente gestem het vir wie hulle regtig wou en nie net vir die eerste paar name wat op die briefie gestaan het nie.

Tydens die verkiesing is daar 'n meningsopname gedoen waarin aan studente van die Tygerbergkampus gevra is of hulle vir Stellenbosch se SR wil stem. Die meerderheid (76 persent) het hierop "nee" geantwoord.

Op Stellenbosch is gevra of studente dit nodig ag dat Tygerberg se studente vir Stellenbosch se SR stem. Hierop het 69,4 persent daarteen gestem.

Volgens mnr Grobler het die stemme van Tygerberg en Militêre Akademie 'n beduidende invloed op die uitslag van die verkiesing van die Stellenbosch SR, sonder dat hulle enige kennis van die kandidate het. Hierdie saak sal volgende jaar ondersoek word.

Mnr du Preez het gesê hierdie jaar se verkiesing het "baie goed" afgeloop, maar daar moet net weer na die stemmery in die privaatwyke gekyk word, waar die stempersentasie steeds laag was.

"Ek kan aanbeveel dat daar volgende jaar gekyk word na die moontlikheid om 'n rekenaar in die verkiesing te gebruik waar die studente hulle kaarte deur 'n kaartleser kan trek wanneer hulle stem. Daar was hierdie jaar nog nie 'n program daarvoor nie en ook nie genoeg rekenaarpunte nie. 'n Rekenaar sal die tellery vergemaklik en die moontlikheid van enige ongerymdhede uitskakel."

Mnr Grobler het gesê hy is in die algemeen baie tevrede met die verkiesing, maar dat die grondwet en die reëls weer hersien moet word.

Die uitvoerende komitee van die SR is op 1 September verkies. Mnr André Serfontein is as voorsitter verkies, mnr Gareth Bradbury as onder-voorsitter, me Wilna Zaaiman as sekretaris en mnre Danie du Toit en Schalk van Reenen as die ander UK-lede.

Die voorsitter van die TSR is mnr Matthys Theron en mnr Adeo Breet is die onder-voorsitter.

# Maties proe oorwinning

Deur Jan Schoombee

DIE WYNKULTUURVERENIGING (WKV) van die US is onlangs aangewys as die 1994 wenners van die Nasionale Wynproekompetisie. Die US-span het deurgedring na die finaal deur die UK in die streekskompetisie, wat 'n deel van die Intervarsity bedrywighede gevorm het, uit te skakel.

Hierdie funksie is by die Nederburglandgoed aangebied. Nederburg en Stellenbosch Boerewynmakery het die span geborg. Die streekskompetisie is op 17 Augustus afgehandel.

Die streeksfinaliste het daarna in Stellenbosch teen mekaar meegeding om die nasionale wenners te bepaal. Die twintig Matie-wynproewers het die hoogste punte behaal in die land. Mnr Reinhardt Siegrühn van Stellenbosch, 'n finalejaar B Com-student, is aangewys as die land se bobaas wynproewer. Me Caroline Steger, wat ingenieurswese studeer, het die tweede plek met 'n UK-student gedeel.

Daar het altesaam nege universiteite aan die kompetisie deelgeneem. Die eerste vyf posisies is beklee deur Stellenbosch, Tukkies, Ikeys, Rhodes en Durban.



Hier is Reinhardt Siegrühn wat aangewys is as die land se bobaas wynproewer tydens vanjaar se universiteitekompetisie.

Mnr Richard Maspero, die 1994/95 voorsitter van die US WKV, het die volgende oor sy span se sukses te sê gehad: "We are thrilled at being placed first on the national level, and relish the prospect of being defending champions next year. I think we have found the balance between education, culture and fun."

Die vorige voorsitter van die WKV en finalejaar Wynkunde-student, Mnr James Farquharson, voel sy vereniging "poog om mense aan die wyne en wynmaak tradisie van die Wes-Kaap bloot te stel sonder die gewone snobisme wat daarmee gepaard gaan.

BERGZICHT APTEEK
Stelmarksentrum, Merrimanlaan
Tel: 886-5681

VERGELYK ONS MEDISYNE-PRYSE EN BESPAAR!!

BIOPLUS 200 ml + GRATIS PANADO 10
NORMALE PRYS R22,06
ONS PRYS R10,95

NUTRI B 80s
NORMALE PRYS R30,18
ONS PRYS R19,39

Eikestad Apteek
Pleinstraat 49
Stellenbosch Tel: (021) 887-3063

# NUUSFLITSE

## USDV kry US aan die praat

DIE Universiteit van Stellenbosch Debatsvereninging (USDV) het gedurende die afgelope paar weke drie prestigegeleenthede aangebied. Die Eerste Nasionale Bank (ENB) Redenaarskompetisie, die JC Smuts-debatskompetisie en die uitdunrondtes vir die vyftiende *World Universities Debating Competition*, is afgehandel.

Mnr Jean Meiring is op 30 Augustus as wenner van die ENB Redenaaarskompetisie aangewys. Mnr Carel Nolte was tweede en me Nadine Meyer derde. Die deelnemers moes 'n voorbereide toespraak oor enige onderwerp van 5 tot 7 minute lewer.

Die JC Smuts-debatskompetise se finaal is op 1 September deur mnre Jason Forssman (Simonsberg) en Timothy Schultz (Oude Molen) gewen. Hulle het die mosie, "Tussen barbare is daar geen geregtigheid in die moderne sin nie", geoppeneer. Mnre Robbie Engela en Francois van der Spuy van Eendrag het die mosie ingelei.

Op Maandag 5, Woensdag 7 en Maandag 12 September is die drie spanne wat die US in Januarie 1995 by die *World Universities Debating Competition* by die Universiteit van Princeton in die VSA gaan verteenwoordig, gekies. Hulle is mnre Carel Nolte, Jean Meiring, Timothy Schultz, Jason Forssman, mee Natalie Phillips en Boni Meyersfeld. - *Jean Meiring*

## Betaster voor Monica betrap

'n BEMARKINGSKONSULTANT by 'n sekuriteitsfirma, Mnr Riaan Volschenk, het in die Stellenbosch Landdroshof verskyn op 'n aanklag van openbare onsedelikheid nadat hy voor Monica-koshuis rondgeloop en homself betas het.

Mnr Volschenk het erken dat hy hom op 21 Augustus omstreeks 02:00 onbetaamlik voor dié koshuis gedra het en het tydens die aflegging van sy skulderkentenis gesê hy het homself op daardie stadium geniet. Hy het vertel dat hy onder die invloed van drank was. "Ek het nogtans geweet wat ek doen," het mnr Volschenk gesê.

Hy was op heter daad betrap deur 'n beampte van Kampusbeheer. Studente wat die voorval gesien het wou nie in die saak getuig nie. Mnr Volschenk sal op 6 Oktober gevonnis word. - *Ross Linström*

## Nuwe chemiekursus in '95

DIE Senaat het 'n voorstel van die Fakulteit Ingenieurswese aanvaar dat Chemie (Ing) 124 met ingang van 1995 vervang word deur 'n nuwe vakkursus, Ingenieurschemie 114.

Die wysiging aan die eerstejaarskursus vir studente in Bedryfsingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese en Siviele Ingenieurswese is daarop gemik om die doeltreffendheid van onderrig in basiese chemie te verhoog. 'n Nuwe koers word ingeslaan deurdat Ingenieurschemie 114 gesamentlik deur die Departement Chemie en die Fakulteit Ingenieurswese aangebied sal word. - *Pieter Bruwer*

## Goed beter beste, Barnard

DIE Fakulteit Handel en Administrasie (US) se CGW Schumann-medalje vir die beste nagraadse student van 1993 is onlangs oorhandig aan me Sarine Barnard.

Sy het verlede jaar haar Hons BRek met onderskeiding behaal sowel as die eerste plek in die Geoktrooieerde Rekenmeester- en Ouditeursraad se kwalifiserende eksamen. - *Pieter Bruwer*

## SR'e landwyd praat saam

STUDENTERADE van al 27 universiteite in Suid-Afrika het groot planne vir die toekoms en gaan onder meer op nasionale vlak met die regering onderhandel oor universiteitsubsidies en die moontlikheid om 'n nasionale beurs en leningskema vir studente op die been te bring.

Die nuwe nasionale liggaam vir studenterade , die South African Universities Students Representative Counsil (SAUSRC), wat in Junie vanjaar gestig is, gaan ook aan gemeenskapsprobleme by die verskillende universiteite, soos seksuele teistering, aandag gee.

# BELBONANZA WENNERS

DRIE videokontrakte met 'n totale waarde van R750 is in die vorige uitgawe van *Die Matie* as pryse aangebied in die Belbonanza. Die gelukkige wenners is Emmarentia van der Merwe, Nicola Schoeman en David van der Ryst.

Die videokontrakte is geskenk deur BLOCKBUSTER VIDEO en die videos wat die gelukkige wenners uitneem sal deur DELIVERY KING afgelewer word. DELIVERY KING, 'n nuwe en baie suksesvolle besigheid op Stellenbosch, spesialiseer daarin om 'n vyfster afleweringsdiens te lewer.

Elke kliënt kan by twee uit 'n keuse van meer as tien restaurante kos bestel en dit word dan teen 'n minimale bedrag deur DELIVERY KING afgelewer.

Verdere dienste deur DELIVE[RY] KING gelewer, is 'n snoepwinkelf[as]iliteit, wat onder andere die daagli[kse] koerante, sigarette en lekkergoed lewer, en dan ook die aflewering v[an] video's.

DELIVERY KING bied nou 'n s[pe]sial tarief aan studente binne [die] kampusgebied van slegs R3 per a[flew]ering.

Is jy honger, bel dié nommer, [...] 4999, vir vinnige knap diens d[eur] DELIVERY KING.

Die volgende ses persone het [...] Kinekor Fliekkaartjies gewen: A[...] le Moller, Juan Clarence, L Ver[...] len, J Gammie, Liza Burger, en [...] Williams.

**Die Matie**

**Vakante Redaksieposte 1994/1995 Termyn**

Twee poste is steeds vakant:
Interkampus-subredakteur
Bestuurshoof
Aansoekvorms is by die SR-kantoor beskikbaar. Aansoeke sluit op Vrydag 23 September om 12:00 en moet by die SR-kantoor ingelewer word.

**SR 94/95**

Ons sien uit na [...] goeie, produkti[...] we jaar. Dank[ie] vir almal se on[...] dersteuning.

# KAMPUSMENINGS


Hette-Lize Walters

## Waar of hoe het jy van seks geleer?

Deur Adélle van Wyk

Foto's: ALWYN VAN WYK

**Pricilla Abrahams**
My ma het my geleer.
**Ann Solomons**
By die dominee.
**Karen van Rooyen**
Ek het vir my ma in standerd vier gevra.
**Gerhard Visser**
Self uitgevind, nogal.
**Luke Mckend**
0/14 Rugby-team - it's a long story....
**Elsje Kotzé**
In boeke...ek is nie eintlik skerp nie.
**Werner Loots**
I watched my parents, but I wasn't sure if they were doing it right.
**André Collins**
Op skool. Jou maats - dis die beste.
**Mickey Loftus**
Not *here*!
**Heinrich van Schalkwyk**
By my vriende...Meestal in tydskrifte. My ouers is maar konserwatief...
**Ernst Nitzsche**
'n Mens leer dit nie. Niemand het mý geleer nie.
**Cornelia van Zyl**
Defnitief nie by my ma nie. By my een vriendin wat 'n bietjie meer verlig was as ek.
**Hette-Lize Walters**
By dr. Ruth in *Sarie* en by my eerste boyfriend.
**Brandon Abrahams**
Niemand het my geleer nie. Ek het self uitgevind.
**Albar Salazar**
Experience and video's.
**Bruce Edenberg**
From the Playground.
**Dorette Crous**
By my ma.
**Hansie Myburgh**
Op 'n queen-size bed.
**Sarel van der Westhuizen**
Sy's nie hier op die oomblik nie.
**Brigitte Eybers**
At school - behind the bicycle shed.
**Gerhard Kompion**
Amerikaanse video's en Suid-Afrikaanse T.V.
**Phillipa Barnard**
Op Veldskoen in standerd vyf.
**Elmien du Plessis**
Ag f** man, ek weet nie!
**Caretha Nel**
Om dit te dóen, of wat? Dis baie dubbelsinnig gestel. **Tosca Korver**
As iemand belangstel in die werk, (dis nou om my te leer), kontak my by...


Luke McKend


Elsje Kotzé


Cornelia van Zyl


Hansie Myburgh


Albar Salazar


Werner Loots

# Sies vir jou, Sybrandus, man!

**Kan-darem-dink-werker van Wie-weet-waar, skryf:**

Liewe Sybrandus, dankie dat jy die Werkersvereninging laat feature. Om darem nou die SR, wat R50 000 van ons salarisgeld opsuig (om namens die BB te pose en namens die Ruiterwag oorskietkos te organize vir die nagskuiling), en die Werkersvereniging sáám te laat pose, is vergesog, man! Jy's van jou trollie af! 'n Mens meng mos nie goeie en slegte geselskap nie! Ons weet jý doen dit, maar ons weet mos almal is nie mense nie. Perty trap spore soos mense, ja...

Dis lelik van jou, man! Die Werkersvereninging is gerespekteerde mense wat báie, somaar baie vir die lede doen sonder dat daaroor geraas word. Hulle laat die ouens uit die tronk uit, hulle sit die ouens wat gesack word, weer terug in hulle jobs, hulle stuur die ouens om te gaan uitdroog, hulle kyk dat die ouens se nerves gedokter word, hulle help dat die ouens se lektriek weer aangesluit word, en hulle hou 'n agterdeur oop vir die ouens van die Union wat skelmpies na hulle toe sluip, en so aan. O ja, hulle sê vir die ouens "gee vir ons kans om meer te praat, want of ons praat of dans, die outcome is dieselfde".

Djy sien, Sybrandus, perty ouens dink nogal die studente is aan hulle kant wanneer hulle weier om hulle kos te eet, omdat daar altyd tekorte op die spyskaart is. Of omdat die werkers nie skoon werk nie, of omdat die werkers staak wanneer hulle lus is. Dan sê die studente nogal, as die ding nie regkom nie, maak hulle kos van amal wat by die koshuise werk, en'ie ouens sê: "Good shot, nou's die studente aan ons kant, poor me!"

Wys jou net wat koöptasie vir perty ouens beteken!

Groete jong, o's praat weer. Next time steel ek meer papier, dan praat ons somaar baie.



## BRIEWE

Enige student kan 'n brief aan Die Matie rig. Die adres is: Die Meningsredakteur, Die Matie, LSS, Banghoekweg, Stellenbosch, 7600. Die Matie behou die reg voor om briewe vir publikasie te redigeer. Briewe kan onder 'n skuilnaam geplaas word, maar die skrywer se volle naam en adres word steeds verlang.

# Matie-houding te negatief

**Gerhard Jooste, SR-Lid 94-95, skryf:**

*Die Matie* se houding teenoor die SR-Verkiesing het my geskok. Dit wil vir my voorkom of *Die Matie* alle objektiwiteit verloor het. Nie net het daar 'n groot aantal baie bekwame SR kandidate gestaan nie, maar was dit ook die grootste groep in jare. Die tyd toe jy met 'n apatiese en negatiewe houding op die kantlyn kon staan en skree, is verby. Die SR-Verkiesing het bewys dat die studente baie min waarde heg aan sulke irrelevante en onverantwoordelike uitsprake. Die stemper sentasie was van die hoogste in Suid-Afrika en ten spyte van *Die Matie* se "Stop die SR"-veldtog, selfs hoër as in 1993. Ek wil die hoop uitspreek dat *Die Matie* hul negatiewe houding teenoor die SR sal laat vaar en die nuwe SR sal bystaan in die hooftaak, naamlik om die studente te dien. *(Neem kennis.-red)*

AU-PAIR
discover Europe
AU PAIR DISCOVER EUROPE
has many lovely host families available in England, Germany, Holland, Belgium, France and other countries in Europe. We already have lots of families for 1995!
For our free brochure contact
Au Pair Discover Europe,
P.O. Box 7134, Roggebaai, Cape Town, 8012.
Tel: 021 419-5740.

Canon
COLOUR COLOUR
COPY SHOP
Student discount
QUALITY COPY
FULL COLOUR DIGITAL LASER PHOTOCOPYING
FAXES SEND & RECEIVE
BINDING OF DOCUMENTS etc.
(021) 887-4694
FAKS (021) 886-5053
Le Coetzenbourg - 7 Andringa Street - Stellenbosch - 7600
(OPPOSITE JAN CATS)
MVD/CANON

Arizona Spur




8-25 SEPT. SERVED WITH SPURSTYLE ONION RINGS, A SAUCE OF YOUR CHOICE AND CHIPS OR BAKED POTATO
FOR ONLY
R 12.95

# Virus scare at Yale lab

By Karen Smith

A RESEARCHER at Yale University in Connecticut was recently quarantined after he was infected with a deadly virus while studying it. This caused a furore over the regulations concerning the handling of dangerous disease agents.

The incident occurred when the centrifuge containing a sample of the potentially lethal virus cracked and caused a spill. Fortunately the researcher, whose name remains unknown, was wearing protection and followed the proper procedure in dealing with the spill. He subsequently did not bother to report the accident and only realized after a week that he was infected with the rare Sabia virus.

In the meantime he had exposed five people before being confined to a hospital isolation ward, where he was treated with an experimental antiviral drug, and came in contact with about 75 health-care workers. Everyone who has had contact with the researcher is being kept under observation.

Yale officials are still deciding whether or not to discipline the researcher for breaking lab rules. The federal Center for Disease Control has since been called in to evaluate the conditions and procedures at the Yale Arbivorous Research Unit, where the accident took place. It has been suggested that the Sabia virus be treated as a class 4 biohazard in the future, which means it may only be handled inside a glove box or by researchers wearing space suits.

## Aanrander uit koshuis geskop

Deur Siegfried Louw

'n STUDENT van die Universiteit van Kaapstad (UK) is uit 'n universiteitskoshuis geskors nadat hy 'n vrouestudent aangerand het. Die aanrander, mnr Velile Gqotso, 'n tweedejaar-student, is ook van die universiteit geskors, maar dit is opgeskort. Dit is egter op die voorwaarde dat hy nie weer in aanraking kom met die vrouestudent wat hy aangerand het nie, en 'n boete van R300 betaal of 60 uur gemeenskapsdiens doen.

Volgens mnr Gqotso het hy die student verskeie kere aangerand omdat sy "nie sy bevele wou gehoorsaam nie". Hy het in 'n universiteitsverhoor skuld beken op drie klagte van aanranding, maar het twee klagte van teistering ontken. Die universiteitshof het hom egter op al die klagtes skuldig bevind. Hy is vier weke gegee om die koshuis te verlaat, en sy skuldigbevinding sal op sy akademiese verslag aangeteken word.

In nog 'n geval by UK is 'n studenteraads-kandidaat weens belediging beboet. Die universiteitshof het mnr Richard Taite (21) skuldig bevind aan 'n klag van belediging, waarvolgens hy neerhalende opmerkings teenoor 'n vrouestudent gemaak het.



Studente van die Universiteit van Kaapstad het onlangs die geleentheid gekry om hul talent as akteurs te bewys toe sowat tagtig mense gekeur is vir rolle as soldate, slawe en smouse in Reghardt van der Bergh se verfilming van die tweede Bybelboek. FOTO: CHRISTO LÖTTER (DIE BURGER)

## Vat so, blik(sem)!

DIE KRONINGSPLEGTIGHEID van Mej Pentech het die naweek van 27 en 28 Augustus groot oproer by die Skiereiland Technikon in Bellville veroorsaak. Chaos het losgebars toe 'n bruin meisie as wenner aangewys is. Die oorwegend swart gehoor het, volgens 'n ooggetuie, "bierbottels en -blikkies na die beoordeelaars gegooi". Die seremoniemeester, 'n senior lektor aan die technikon, het 'n rugbesering opgedoen nadat 'n bierbottel hom getref het.

Die ontwrigting het ontstaan net na die aankondiging van die tweede prinses, en dus kon die wenner nie gekroon word nie. 'n Ooggetuie het vertel hoe "alle hel losgebars" het toe die enigste swart eindfinalis, me Bukelwa Mabinda, as tweede prinses aangewys is.

Volgens die technikon se SR-voorsitter, me Sarah Mathunyane, is 'n ondersoek ingestel om teen die skuldiges op te tree. Intussen het die studenteraad bekend gemaak dat Mej Pentech wel gekroon sal word en haar pryse sal ontvang.

## UWK kry politieke SR

Deur Markus Hill

DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND se nuutverkose studenteraad is sterk polities georiënteerd. Die nuwe voorsitter, mnr Yolisa Pikie, se omstrede uitsprake tydens 'n mediakonferensie het ook opslae gemaak.

Die SR bestaan uit elf studente, waarvan ses lede van die ANC-gesinde South African Students' Congress (Sasco) en een 'n lid van die PAC is. Die ander vier, onder wie mnr Pixie, was leiers van die pas ontbinde Komitee vir Demokrasie (Kodemo). Kodemo is gestig na 'n twis in Sasco-geledere, en is beskou as meer militant.

Mnr Pikie, 'n finale jaar B. Comm student en bekende aktivis op die kampus, het kort na sy verkiesing verklaar dat die wegwys van studente weens geldelike en akademiese probleme aan die UWK beëindig moet word. Hy het voorgestel dat 'n "demokratiese" universiteitsbegroting opgestel word wat elke deel van die universiteit moet betrek. Dit sou volgens hom verseker dat daar nie eensydige besluite geneem sal word nie.

Die vorige SR-voorsitter, mnr P J Mnguni, het gesê hy is tevrede met die nuwe sterk politieke SR. Volgens hom sal hulle die aangesig van die universiteit totaal verander.

Die verkiesing is as vry en regverdig verklaar deur die Instituut vir Veelpartydemokrasie, wat as onafhanklike verkiesingskommissie aangestel is. Slegs sowat 35% van die studente het in die verkiesing gestem.

# KAMPUSFLITSE

## Tech students miss rector

STUDENTS at ML Sultan Technikon in Durban have petitioned Education Minister, Sibusiso Bengu, to reinstate the rector, prof Ramanlal Soni. His services were terminated by the technikon council after allegations relating to his competence and conduct as rector.

SRC chairman, Mathuto Motimi, said the council breached an accord between the SRC, staff and council, because there was no consultation with the SRC on the matter. She said that students would not stand back and watch prof Soni, who in contrast with the conservative council, was an ardent promoter of transformation, be denied of his position.

## UCT staff march for more

ABOUT 300 non-academic University of Cape Town (UCT) staff marched to the university's administrative buildings last week to object against their proposed 5.4% salary increases. They are demanding an increase of 8.5%.

Mr Mark Ramsden, UCT Staff Association president, said staff were aware that UCT had severe financial constraints, but claimed that the university's mismanagement of funds was to blame. UCT spokesperson, ms Helen Zille, said that the government's subsidy to universities for salary increases in 1994/95 was based on a projected 5.6% increase. Any expenditure above the subsidy will have to be met from student fees.

## Police intervene at Molapo

POLICE had to escort acting rector of the Molapo Technical College in Soweto, Corrie Naudé, out of the premises recently. Students were demanding his resignation and were also boycotting lectures. According to SRC spokesman Salome Malebye, the students' anger was caused by a ruling that students on the N2 level of study would not be issued with certificates this year. He also alleged that Naudé and the college council were spending funds earmarked for needy students on other projects.

## Dosent veroorsaak betoging

DIE TUGVERHOOR van 'n dosent het verlede maand gelei tot 'n betoging deur sowat 300 studente en dosente van die Vista Universiteit se Sowetokampus. Mnr Frank Wilderson, 'n tydelike Engelsdosent uit die VSA, is onder meer daarvan aangekla dat hy universiteitsregulasies oortree het, deurdat hy as personeellid die universiteit gekritiseer het.

Die betoging voor die Vista-hoofkantoor in Pretoria het op vuisgevegte tussen die betogers en die polisie uitgeloop. Altesaam 53 mense is in hegtenis geneem, maar hulle is later vrygelaat nadat hulle aangesê is om in die hof te verskyn. Die Soweto University Staff Union het intussen die universiteit se owerhede versoek om die klagtes terug te trek.

## "White" Kovsie slapped

A GROUP of students belonging to the Society for African Students (SAS) were involved in a fight at the University of the Orange Freestate on 4 September. They allegedly attacked another black student whom they had earlier called a "white man in a black skin". Mr Paul Tsele, a SRC candidate, was apparently slapped by one of the students, after which one of them pulled out a knife. SRC member, mr Christo Dippenaar, intervened and phoned campus security. A university spokesman said action would be taken against the guilty parties.

## Tukkies steek "Bye" weg

DRIE eerstejaarstudente van die Universiteit van Pretoria het in Augustus uitgawes van Tuks se studentekoerant, *Die Perdeby*, op die kampus weggesteek. Dit was glo in reaksie op 'n voorbladberig oor 'n rasseaanval by hul koshuis, Boekenhout manskoshuis. Hulle is egter deur kampusbeheer gevang, wat die saak na die registrateur, prof C R de Beer, verwys het.

## Varkie het nou herstel

DIE SPEENVARKIE wat tydens Tukkies en RAU se Intervarsity op die veld rondgegooi is, het glo heeltemal herstel. Die drie studente wat verantwoordelik was vir die voorval is op foto's uitgeken en daar is 'n klag teen hulle ingedien by Tuks se studentehof.

STELLENBOSCH SILENCERS
vir
Knaldempers
Skokbrekers
Sleepstange
Bande
Aandag Spesiale aanbod vir Studente
ONS DOEN GRATIS!!
vierwiel gerekenariseerde toetsing van skokbrekers en wielsporing
asook nagaan van bande
Birdstraat 137 Stellenbosch. Tel. 886-4569
Oop Saterdae – vir Persoonlike Diens

UUB BOEKHANDEL
Posbus 29
7599 Stellenbosch
vir al u
★ HANDBOEKE
★ SKRYFBEHOEFTES
★ BINDWERK
ASOOK:
★ 'N GROOT VERSKEIDENHEID WINSKOOPBOEKE

CHURCH SERVICES
SOMERSET WEST SPIRITUAL CENTRE
Lions Club, New Street
Adress: Clairvoyance, Healing
ALL WELCOME
(024) 553245
Services:
Every Sunday
at 19:00

# Short cut to a good income:

# UCT ACCOUNTANTS' CONVERSION COURSE

## A MESSAGE FROM THE DIRECTOR

The UCT Accountants' Conversion Course is the only short course in the country which enables graduates from any discipline to convert to the core of the BCom degree in just one year of full-time study. This is then followed by a three year training contract with a firm of chartered accountants during which they do one year of part-time study and then write the final qualifying examination of the Public Accountants' and Auditors' Board.

The career opportunities for chartered accountants, both in South Africa and internationally, make this professional qualification highly desirable.

Since its inception, this course had produced 103 qualified accountants, and there are many more in the pipeline. Their prior educational backgrounds vary considerably and include students with degrees in pharmacy, medicine, science, arts, social science, agriculture, engineering and so on.

Most graduates in South Africa are unaware of this option. Many are currently dissatisfied with their employment prospects and would benefit greatly from the course.

The goal of all concerned with quality and diversity in the accounting profession and indeed with the manpower needs of South Africa, should be to make sure that information regarding the available of this unique route to becoming a CA is placed squarely in the purview of all graduates.

Sincerely,

JOSEPHINE TAYLOR
BCom (Hons) Cape Town CA(SA)
Accountants' Conversion Course Director

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
PRIVATE BAG, RONDEBOSCH 7700
TEL: (021) 650-2269
FAX: (021) 650-4085



BLACKIE SWART
B ING (SIVIEL) - (1986-1989) UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
ACCOUNTANTS' CONVERSION COURSE - 1994
(UNIVERSITY OF CAPE TOWN)

As gevolg van die onvoldoende voorligting, wat ek op skool ontvang het, het ek besluit op 'n loopbaan in die Siviele Inginieurswese sonder dat ek iets van die voor- of nadele van my keuse geweet het.

Sak en pak het ek koers gekies na Stellenbosch met die kommerloosheid van 'n tiener en die spreekwoordelike wêreld aan my voete.

Toe breek die laaste ses maande van my finale jaar aan. Ek het geweet dat ek werk as 'n siviele kontrakteur sou geniet, trouens ek was half mal oor die gedagte, maar daar het knaende vrae by my begin opduik oor die toekoms - veral wat my persoonlike lewe en vryetydsbesteding betref . Op daardie stadium het ek reeds van die "Accountants' Conversion Course" gehoor, maar swaar beursverpligtinge en 'n gevoel dat ek eers moet gaan proe aan die kontrakteurs bedryf het verhoed dat ek toe 'n verandering maak.

Na vier jaar in die veld (letterlik in die veld) het ek my keuse gemaak. Ek het my werk geniet, maar twee dinge het my laat verander: Eerstens, my persoonlike lewe het vir my al hoe belangriker geraak en tweedens, die sukses wat mense met kwalifikasies in die handelsrigting behaal met betrekking tot bevordering, direkteursposte, ens.

Hierdie kursus het aan my die ideale uitweg gebied.

Hiermee probeer ek nie Siviele studente afraai om die bedryf toe te tree nie, trouens dit is een van die opwindendste en bevredigende rigtings wat daar is, maar vir die wat wil verander, ongeag sy huidige graad, bied die "Accountants' Conversion Course" 'n tweede kans. Dit is 'n intensiewe, goed georganiseerde en doeltreffende kursus. Wees net gewaarsku, dit verg harde werk en baie opoffering - soos hulle sê, "Not for the faint-hearted!".



EDUARDO GARCIA
B SC (MED)(WITS), B SC (HONS) (CAPE TOWN)
ACCOUNTANTS' CONVERSION COURSE 1990
(UNIVERSITY OF CAPE TOWN)

After having studied Biochemistry and Physiology for four years I found that my career options in South Africa were rather limited. A career in research and teaching, at an academic institution, would have been a natural result from my studies. After much reflection, however, I realised that such a career, although being very interesting and rewarding, would not have suited my personality and temperament.

The world of commerce and industry allured me, although I felt hopelessly unprepared for it. Fortunately, someone told me of the existence of the Accountants' Conversion Course, and after further enquiries, I realised that this course would suit my requirements perfectly.

This was a wonderful opportunity, as in a relatively short time an entirely new world was opened up and made accessible to me. The conversion course itself required much dedication and hard work, although this was compensated for by a strong sense of camaraderie between fellow students and an awareness of the fact that one is learning and developing very rapidly. It is an immensely rewarding experience.

I chose to do the PGDA on a full-time basis and subsequent to that, I joined KPMG in Cape Town to do my training contract. I am currently working in their Forensic and Investigative Accounting division where many of the skills which I learnt in my initial studies are bearing fruit and they add a further dimension to my technical skills as a Chartered Accountant.

I wholeheartedly endorse the Conversion Course for any graduate who is considering a career in business.



LIEZL VAN ZIJL
B COMM (REGTE) 1988-1990, LL.B 1991-1992
(UNIVERSITEIT STELLENBSOCH)
ACCOUNTANTS' CONVERSION COURSE 1994
(UNIVERSITY OF CAPE TOWN)

Ek was besig met my tweede jaar as regstudent op Stellenbosch toe 'n vriend my aangeraai het om na my L.L.B. rekeningkunde te swot. Volgens hom (hy werk self vir 'n ouditeursfirma) was die soort akademiese kombinasie die sleutel tot 'n uiters winsgewende toekoms.

Op negentien het die "winsgewende" deel my baie aangestaan, maar die gedagte aan nog vier jaar se studie na my vyf jaar as regstudent was genoeg om my gou van die stukkie raad te laat vergeet. Ek is mos nie mal nie!

Aan die einde van my L.L.B. het ek besef dat ek nie 'n suiwer regsloopbaan wou volg nie. 'n Klasmaat op Stellenbosch het na sy L.L.B. die "Accountants' Conversion Course" by die UK kom doen.

Dit was nie 'n maklike besluit om weer te begin studeer nie, maar ek wou myself in 'n rigting kwalifiseer waar my vorige kwalifikasies tot my voordeel sou wees en waarin ek my kommersiële belangstelling sou kon uitleef. Deur die "Conversion" te doen is die ideaal moontlik, nie net vir my met 'n regsgraad nie, maar vir enige iemand met enige soort kwalifikasie.

Josephine Taylor sorg vir die mees georganiseerde en gebruikersvriendelike kursus wat ek nog teegekom het. Sy help met enigiets van beurs tot parkeerskyfies en is altyd vir haar studente beskikbaar.

Ek is nog nie presies seker wat ek eindelik gaan doen nie, dalk word ek 'n belasting- of bestuurskonsultant, gaan werk ek vir 'n handelsbank of op die Beurs of bevind ek myself in 'n maatskappy, die tyd sal leer. Wat ek nou egter weet is dat ek eindelik op die regte spoor is en dat die kursus dit vir my moontlik gemaak het.

# Looking to Sharpen your Skills? Convert to a CA



## DISSATISFIED WITH YOUR EMPLOYMENT PROSPECTS?

Any University graduate can now switch to a highly marketable career in chartered accounting

### Full-time study

The University of Cape Town offers the only short course in the country which enables graduates from any discipline to convert to the core of the B.Comm degree in just one year. On successful completion of this course graduates may enter directly into the 4th and final academic year.

This is then followed by a 3 year training contract with a firm of chartered accountants during which time they may write the final qualifying examination (FQE) of the Public Accountants & Board (PAAB).

### We are offering a bursary

As one of South Africa's oldest, largest and most dynamic firms of auditors, accountants and business consultants we are offering a bursary to a deserving applicant.

**Please telephone Mike Blomkamp, our Human Resources Partner on (021) 25-2350, or write to him at P O Box 4609, Cape Town 8000**

Pride in the past, commitment to the future

KPMG
Chartered Accountants (SA)
Business Consultants
**WE INVEST FOR THE FUTURE**

BCOM-PS-14/9

**Die Matie**

Redaksionele Kommentaar

DONDERDAG 15 SEPTEMBER 1994

# Bal in die SR se hande

Die afgelope SR-verkiesing het, alhoewel die stempersentsie "die hoogste in jare was", weereens daarop gedui dat die meeste van die studente nie werklik in die SR en hulle bedrywighede belangstel nie. Dit word altyd voor die deur van die studente se skynbaar apatiese houding gelê. Dit is egter nie noodwendig die probleem nie.

Daar bestaan tans 'n bose kringloop waarin die studente nie aan die verkiesings deelneem nie, wat tot gevolg het dat die SR nie werklik mag het om uit te oefen nie. Die volgende jaar is die stempersentasie wéér laag, aangesien die vorige SR nie werklik aan die studente se behoeftes kon voldoen nie. En so gaan dit aan... Iemand sal uit hierdie kringloop móét breek.

Dit lyk egter nie asof die studente dit sal doen nie - die bal is dus in die SR se hande. Met leierskap en 'n werklike strewe om studente te verteenwoordig kan die huidige stand van sake dalk verander word.

# Inkomtye moet uit

DIT is verblydend om te sien dat inkomtye moontlik iets van die verlede is en die veiligheid van vroue, deur middel van die elektroniese deure, steeds in ag geneem word. Tien uit tien aan al die betrokkenes. Die finale besluit berus egter by Adminstrasie en 'n mens kan maar net hoop daar word gehoor gegee aan die wens van die meeste vroue op kampus. As die aard van die tyd waarin ons leef in ag geneem word, lyk dit asof dit wel die geval sal wees.

# Wanpraktyke is úít

DIT is goed die teer-en-veerder is gestraf vir sy deelname aan die barbaarse behandeling wat twee Ikeys verlede jaar ondergaan het. Hopelik sal die ander deelnemers ook aan die kaak gestel word. Die tyd vir sulke praktyke is lank reeds verby en studente sal daarby moet aanpas.

In brief aan Die Matie het die prim van Huis Marais, Attie Heyns, dit duidelik gemaak dat hulle spyt is oor die gebeure tydens 'n huisvergadering vroëer vanjaar. Hulle beoog om iets positief uit die aangeleentheid te skep. Dit is bewonderenswaardig en hopelik sal ander koshuise daaruit leer en hulle voorbeeld volg.

# Hanteer seks versigtig

'n ONDERSOEK in Die Matie omtrent seksuele onkunde op kampus het aangedui dat daar steeds goot gapings is in baie studente se sekonderrig. Hierdie is nie 'n probleem wat ligtelik opgeneem kan word nie, aangesien dit erge gevolge kan inhou vir gesondheid. Seksueel oordraagbare siektes is 'n wesenlike gevaar en nie iets wat net "met ander mense" kan gebeur nie. Seks is nie speletjies nie en moet met verantwoordelikheid hanteer word.

# Kampusquotes

**"Waar is die mense wat vanoggend hier was? Dit lyk my 1994 se derdejaars is trekarbeiders en werk in aflosspanne."**
- Dr PA du Toit tydens 'n Afrikaans en Nederlands 378-lesing.

**"Op Lentedag en die dag daarna was daar 'n histeriese stormloop vir die *morning after*-pil."**
- Anonieme suster by die plaaslike kliniek.

**"Ek drink, daarom is ek."**
- Dronk student in Upstairs.

**"My grootjie, oupa en pa het hulle eerste jaar gedop. Ek het nie. Ek is die enigste *nerd* in die familie."**
- Student in BJ Vorstergebou.

**"Ek erken dat ek van nature 'n *male chauvinist pig* is teenoor 80 persent van die vroue op kampus wat dit verdien."**
- Polities-onkorrekte (manlike) student.

**"Poppie, ek bly dronk."**
- Manlike student in antwoord op die vraag "Waar bly jy?"

**"Now that you've all come together, we are going to try and solve this problem."**
- Filosofie-assistent tydens 'n bespreking van voorhuwelikse seks.




# Daar is 'n euwel op die heuwel

**Hierdie rubriek bevat geen SRM's (SR Molestasies) nie. Dit is SR-vriendelik en sal in geen opsig die SR-laag beskadig nie.**

BROM boesemvriend Bitterbielie Botha mos vanoggend in *Gallery Café*. Alweer besig om deur daardie siek en perverse kampussmeerpamfletjie te blaai.

"Nee jinne, swak! Nooit! Tjek net hierdie brief van Gerhard Jooste, Sousdosie. Hy sê *Die Matie* is skokkend negatief en hulle maak irrelevante en onverantwoordelike uitsprake! Oe-hoe-hoe, dis nou eers vir jou skokkend!"

Sousdosie (altyd senuweeagtig oor haar naam) sit die koeksister neer - die een wat sy pas ontknoop en weer gevleg het, net om te wys hoe 'n koeksister nou eintlik gevleg moet word. Soos in haar teepartytjieboekie, nommer een op die SR se topverkoperslys, *Klam koeksisters by kerslig - relevante teepartytjies in die skemer.*

"Aag Bitterbielie, dis nou weer een van daardie groen bewolkte dae en jy wil net weer saam met *Die Matie* bitch. Dis mos al wat hulle kan doen: bitch, bitch, bitch! En hulle ou opswepie van die studente om nie te stem nie, het ook nie gewerk nie. Sjym, *Die Matie* moet nou 'n slag besef dat hulle eenvoudig nie dieselfde invloed as daardie Volksbybel, *Muisgenoot* het nie. Ek hoor amper 40 persent van die studente het gestem en dis die hoogste in jare."

"Slaan my gat met 'n waterlelie!" sê Bitterbielie. "Dit beteken eenvoudig dat 60 persent van die studente wel vir *Die Matie* geluister het."

## Sosiale Mislukking op S skryf:

"*MUISGENOOT* is altyd vertroostend," sê Sousdosie. By dié tyd is sy al so hoog soos 'n spook van al die koffie. "'n Mens kry antwoorde op al jou lewensvrae. Daar is altyd mense met wie dit slegter gaan as met jou. Iemand anders se eierstokke is altyd meer uitgedroog as joune. Daar is ook altyd iemand wat al meer ongeneeslike siektes as jy gehad het. Nee kyk, *Muisgenoot* laat my altyd vars, vrugtig, fleurig, fiets, ferm en fyn voel."

"*Muisgenoot* is 'n moralistiese god." Bitterbielie bly stil en teug sy diep filosofiese stelling in. *Born to bitch*, dink hy.

"Weet jy wat?" vra Sousdosie.

"Nee ek weet nie, sê maar."

Sousdosie kyk eers rond watter drama- of joernalistiekstudente hul gesprek probeer afluister en fluister dan vertroulik: "In die jongste *Muisgenoot*, in daai rubriek "Sake van die smart", is 'n briefie van ene Sosiale Mislukking van Stellenbosch. O, dit het my diep geraak, Bitterbielie. Veral omdat ek die pyn en lyding van 'n SR-lid verstaan. Ek woon mos elke twee weke hul vergaderings by. Daar gebeur so baie, jy weet, hulle kan gewoonlik nie alles in een vergadering inpas nie. My lewe voel altyd so leeg en betekenisloos as ek 'n vergadering gemis het. Jy moet ook een keer kom, Bitterbielie. Dan sal jy verstaan dat die mense meer doen as wat al die studente dink. Daar is net soort van 'n kommunikasiegaping."

"Ek sal daardie uitnodiging met graagte van die hand wys."




Sousdosie pluk die jongste uitgawe van die Volksbybel uit haar sak en begin die smartryke brief voordra: "Liewe oom Murray, ek is 22 en baie droewig. My wêreld is besig om ineen te stort omdat ek deur die studentegemeenskap van Stellenbosch verwerp word. Die studentekoerant sê baie lelike goeters oor my. En dít alles net omdat ek op die SR dien. Wat het ek gedoen om dit te verdien, ek kan nie snags slaap nie? As dinge so aangaan sal ek dit moet oorweeg om die tydige met die ewige te verwissel. Plaas asseblief my briefie anders gaan ek van Helshoogte se dak af spring." Sousdosie pluk haar *Forget-me-not-Twinsavers* uit en pink die biggelende traantjies uit haar oë.

"Jinne Sousdosie. Swak! Nooit! Val jy tog nie vir sulke selfbejammering nie?"

"Bitterbielie, jy is 'n hardvogtige vark. Maar wag, laat ek jou die mooi positiewe antwoord lees. En sy trek weg: "Liewe jong man, my sagte hartjie gaan uit na jou. Dis jammer dat jy nie jou adres gee nie, ek sal jou graag na 'n psigiater of maatskaplike werker in jou distrik wou verwys. Ek kry deesdae 'n beduidende stortvloed briefies van droewige SR-lede en dis vir my verblydend om te sien dat julle die relevante probleem wil aanspreek. Daar is 'n ou spreekwoord wat sê net oppervlakkige mense glo in geluk. Wees verseker dat jy in die Hiernamaals as 'n pêrel in Jesuskroon sal skitter. Voorspoed, sterkte en Oom bid vir jou." Sousdosie tjank asof sy pas "Een aand op die trein na Pretoria" vir die eerste keer gehoor het.

## Eksklusief! Smeerpamfletbende slaan toe!

NA DIE geween en die gekners van tande bestel my twee vriende hul derde koppie boeretroos. *Gallery Café* se deure swaai oop en vier oud-redaksielede (Willem Kempen, Bitch Adema, Anna-Retha Kriel en die genadelose Gisela Marx) van die gevreesde Smeerpamfletbende kom ingebars.

"Hiert julle hoere!" skree Bitterbielie.

"Duik, dis die Oordeelsdag!" skree Sousdosie. Sy val op die grond en pluk haar selfverdedigingsproei uit.

Sousdosie kyk op en sien die vier rampokkers. "Skuus ou Bitterbielie, dog eers dis Apla wat hier instorm. Hallo julle, is julle al meer positief oor die lewe?"

"Nooit!" skree Bitch Adema.

"P**le!" skree Kempen. Hy het weer die gevreesde swart *bikers*baadjie vol zips aan.

Die vier rampokkers gaan skuil in die hoek en werk hulle spioenasieplannetjie om die SR-kantoor te beroof versigtig uit.

"Ek gaan by Danie du Toit loop klik julle!" Sousdosie dink aan al die aande wat sy wakkerlê oor Danie. Dit was darem maar regtig laag dat hy nie as voorsitter gekies is nie. Wat het die mense teen hom? Hy is dan vir haar so mooi. En slim ook, mos besig met sy Em. In Ingenieurswese of iets. Dit sê baie.

## Daar's 'n penis in die drinkwater

"EK sê ou Sousdosie, wat dink jy van hierdie Kannemeyer-kabaal?"

"Hoe nou?"

"Man, oor Anton Kannemeyer se kunswerk wat so van die boerewors wemel. En die mense is kwaad. Hulle sê hy moenie sy psigopatiese fantasieë oor seks in hulle kele afwurm nie. Wat my nogal impress het is die Universiteit se besluit om nie die kunswerk te verwyder nie. Hulle sê daar moet vryheid van uitdrukking wees. Hoera vir Admin!"

"Bitterbielie Botha, dít, moet ek nou erken, is die eerste *sense* wat jy nog in jou hele lewe gepraat het. Maar ek sê steeds, as daar 'n penis in jou drinkwater is, haal jy hom uit!"

## Die euwel op die heuwel

TERWYL Sousdosie die veertig koppies koffie betaal, staan Bitterbielie by die deur. Ja, dink hy, soms is ek maar naar met die SR. En hy besluit om die SR 'n kans te gee. Maar net tot volgende jaar. Hierdie jaar sal hy nie weer oor die SR bitch nie. Hulle belowe baie dinge en kry kans tot volgende jaar om hulself te bewys.

Dis toe dat die Hertzog-pryswennergedig by hom opkom: *Die SR is 'n noodsaaklike euwel, duik my plat onder die boom op die heuwel.* Ja, net volgende jaar steek hy Joan Hambidge na die spreekwoordelike kroon wat poësie betref.

Die karre jaag in die straat en die bome is groen. Waar is al die akkers heen?

"Ja, dis maar swaar om 'n sinikus te wees," sug Bitterbielie en stap saam met Sousdosie na die BJ.



# Dag & Nag

KUNS & VERMAAK ARTS & ENTERTAINMENT




# Enemas, Molière en vlerksleep

**TONEELSTUK** **IPEKONDERS**

**REGIE** **Herman Pretorius**

**MET**

**Chris Vorster, Lisl Wolmarans, Suzanne Smith, Fransi Swanepoel, Gaerin Hauptfleisch, Marianne Stander, Nicole Holm, Malan Steyn, Paul du Toit, Martelize Kolver, Daphne van Niekerk**

**TEATER** **HB Thom**

**MUSIEK** **Ewald Cress**

Deur Keith Bain en Gwyneth Bowmer

MONSIEUR ARGON is besig om 'n stadige dood (aan ipekonders) te sterf.Dit is egter nie net hy wat ly nie; sy hele huishouding word betrek by sy geweeklaag en hele repetoire van onaardse fisiese geluide.

In hierdie verbeeldingryke wêreld van absurde stereotipes en klugspel, word die menslike tendens om gesag sonder skroom te aanvaar, aangespreek. Hierdie kleurvolle komedie wat vanaand by die HB Thom-teater begin, word aangevul met musiek en "dans" wat bydra tot die vermaaklikheid van die stuk. Asof die verbeelde siektes van Monsieur Argon (gespeel deur Chris Vorster) nie genoeg is om die huishoudings te treiter nie, is daar ook nog 'n tweegesig stiefma wat, saam met haar minnaar, die rasende Argon se boedel uit hom probeer kul. Hy sukkel verder om sy dogter, Angelique, te oorreed om met die ryk, maar sosiaal gestremde seun van 'n hoogdrawende dokter te trou. Natuurlik, wil Angelique niks hiervan weet nie - sy is smoorverlief op die sjarmante Cléante.

Ingewurm in die eidelose saga van intriges, is die parmantige huishulp, Toinette (die talentvolle Lisl Wolmarans). Sy bemoei haarself met almal se sake tot groot irritasie van Argon, maar slaag daarin om op laas die vreemde harmonie in die huis te herstel. Komiese konsternasie en gehoor-genot is die belonings van Toinette se skreeusnaakse onderduimse aktiwiteite.

Kop in een mus met Toinette se planne is Argon se ouer en wyser suter, Geraldine (Marianne Stander), wat probeer om hom verby sy verblindende hardkoppigheid te laat sien. Om hierin te slaag, moet sy eers verby die skrikwekkend-groot inspuiting van mev Fleurant, en die verligtende enema-voorskrifte van dr Purgon, kom.

Al skyn die intrige 'n bietjie oppervlakkig te wees, is dit meer as net 'n waarskuwing teen dokters wat ingenome is met purgeermiddels, dit suggereer ook: Moenie in die lokval van blindelingse onderdanigheid val nie. (Is dit dalk subversie?)

'n Indrukwekkende stel, fyn kostuums, en 'n afwykend-amuserende koor gee aan *Ipekonders* 'n eklektiese dimensie van pure genot.

Die oorspronklik Franse sewentiende eeuse teks (*Le malade imaginaire*), geskryf deur Molière, is deur Nico Luwes in Afrikaans vertaal. Hoewel die stuk ietwat te lank is en op plekke uitgerek, bly dit ontspannende vermaak. *Ipekonders* verskaf interessante kulturele plesier en is 'n noodsaaklike inskrywing in enigiemand se dagboek.



Chris Vorster en Lisl Wolmarans in 'n toneel uit Moliere se "Ipekonders". Díe komedie word vanaf vanaand tot Saterdagaand (17 September) en ook volgende week die 22ste tot die 24ste deur die Dramadepartement in die HB Thom-teater opgevoer. Die regie van díe klassieke, oorspronklik Franse drama word deur Herman Pretorius behartig. Vertonings begin om 20:15, en kaartjies is by Computicket verkrygbaar.

Foto: ANTON JORDAAN (BUVO)

# Blou huis 'n ware paradys

Deur Albertus van Wyk

WANNEER 'n akteur en 'n Cordon Bleu-sjef saamspan en vir hulleself wil werk skep is die logiese manifestasie 'n "theatre-cafe". Die Jiggwalk Cafe (blou huis, oorkant stasie parkering) is die breinkind en inisiatief van Hein Lottering en Reneé Bekker.

Die boonste verdieping is as 'n intieme kleinteater ingerig. Hein wys daarop dat hy nie 'n teater in die tradisionele sin wil skep nie, "maar 'n venue vir opkomende kunstenaars, eksperimentasie en mense wat nie noodwendig in die somtyds onpersoonlike groter teaters wil optree nie".

Die restaurant op die onderste verdieping bied heerlike heilsame borde kos teen baie billike pryse. Dit sluit disse soos waterblommetjiebredie, oxtail en skaapnek in - 'n kookstyl wat Reneé *Cordon Boer* gedoop het. Die teater en restaurant is egter deel van 'n veel groter plan. 'n Handwerkwinkel en 'n mini-kunsgallery word beplan om plaaslike kunstenaars 'n afsetplek vir hulle werk te bied.

Reneé nooi ook enigiemand wat 'n venue soek vir poësie voordraggeleenthede, kitaarlesse, yoga-lesse en derglike aktiwiteite, om haar te kontak.

Die primêre doelstelling is om kulturele sender te wees in Stellenbosch en ook 'n omgewing te skep waar mense kan ontspan en gesellig verkeer. Die Jiggwalk bly baie laat snags oop. Daar word beplan om Megan Gorritz se *Rhino Women*, Reza de Wet se *Diepe Grond* en vele ander produksies in die nabye toekoms op die planke te bring. Hein, wat voorheen by verskeie "theatre sports"-produksies betrokke was, beplan ook om hierdie gewilde vorm van vermaak aan te bied.

Vir meer inligting, skakel (021) 887 1796.

# Brilliant British bonk-laugh-cry comedy romp

**FILM**

**FOUR WEDDINGS AND A FUNERAL**

**DIRECTOR** **Mike Newell**

**STARRING**

**Hugh Grant, Andie MacDowell, Kristin Scott-Thomas, Simon Callow**

By Keith Bain

SPOUSE-HUNTING, it seems, has become a national English event, and Hugh Grant is caught up in the exciting void which exists between love and duty.

When Charles (performed with brilliant aplomb by Hugh Grant) comes to the startling discovery that none of the weddings he attends on a near-weekly basis are his own, he begins to suspect that he may never take the all-important plunge. His lovelife consists of an endless series of monogamous relationships which all end under the polite guise of irritation. That is, of course, until a beautiful breath of fresh American air breezes into his life (and bed) at the first of the film's weddings. She is a splendidly irrepressible concoction of fun and energy (played by a radiant Andie MacDowell), and she steals Charles' heart (and his body and mind).



Too bad that, on their second meeting, she is engaged to an over-the-hill, but extremely rich, Scotsman. Typical! Charles' dilemma has developed into a tragedy: Will he now ever be able to pop the ultimate question, and if he does, who will the lucky girl be?

Central in Charles' life, is his circle of delightfully out-of-whack friends. In their own ways, they all share the same type of troubled bachelor existence as Charles, and they do it with a wonderfully amusing sense of hilarity. As they share each other's lives, so they guide and ease one another through a tumultuous flurry of (mis)adventures. On screen, they shine as they emit loud and often obscene grunts of intelligent British humour.

Adding to the cacophony of endless laughs, is Rowan Atkinson's brilliant vicar-in-training who does a holy job of dragging the name of the church through the mud. Charles' neurotic ex-girlfriend, a pair of hornier-than-sin newly weds, and some frightening best-man speeches, give this movie an appeal which is as universal as it is brilliantly funny.

Director Mike Newell has taken a stunning script and turned it into an engaging comedy which will certainly have audiences coming back for more. ★★★★(★)


UB40

Promises and Lies

wêreldtoer



Groenpunt Stadion

Kaapstad

Vrydag 30 September.

Kaartjies van R29 tot R90.

Bespreek nou by Computicket

'N PETER STUYVESANT PRODUKSIE

PSB 647A/C

# Poppie met 'n taamlike kop

**LYDIA VOM HAGEN se eerste solovertoning, "Head On", is tans in die V&A Teater in die Waterfront te sien. Sy is vier-en-dertig, bly nog by haar ma-hulle, kry skoenlappers in haar maag, rook ("Ag dis wonderlik en ek doen dit so goed"), lag baie en dra nie 'n horlosie nie. Sy was twintig minute laat toe JOHAN VAN ZYL met haar in La Playa Koffiewinkel gesels het. En hy het haar dit alles vergewe.**

OP ses-en-twintig het Lydia vom Hagen eers besluit om drama te swot. En dít na vier onwettige jare in Amerika waar sy oor die algemeen sekretariële werk gedoen het - onder andere by 'n plek genaamd *Sight for Sore Eyes*. Daar kon sy Christian Dior-brille vir 'n skrale $40 kry. Maar dis nie wat sy vir altyd wou doen nie.

"En toe bel ek Pretoria Technikon, natuurlik te laat vir oudisies, en *insist*. En jy weet, as daai mense begin, is hulle negentien. Dit was vir my *weird*, hulle is kinders man! My eerste dag daag ek op met my wit klere en *high heels*, en jirre, jy kan nie. Na twee weke het ek maar meer gemaklike goeters begin dra. Ek het nie eens geweet wat 'n monoloog is nie!" As sy praat of lag staan die are in haar nek, amper soos haar indrukwekkende armspiere op die verhoog. Die spiere kom van haar gimnastiekdae op hoërskool, sê sy, en dis baie *embarrasing*.

Op laerskoolkunswedstryde het almal haar geken as die kind met die strikke. Maar op hoërskool het die rebellie gekom. "Ek was maar skeef op skool, *to be quite honest*," sê sy en steek nog een van haar Benson & Hedges-sigarette aan. "In standerd agt by die veldskool het ek 'n *song* geskryf vir een van my *boyfriends* - Tony, I love you, since the day I saw your face, Tony I love you, since the day I saw your face - dit was die enigste woorde. En die girls het gehuil. Dan sing ek weer en dan huuuuuiiil hulle! Ek het nooit operettes of kunswedstryde op hoërskool gedoen nie. Daai mense wat dit gedoen het was vir my koekerig. Ek was maar altyd aan die ander kant van die draad."

Tydens haar drie studiejare het sy twee keer 'n beurs vir die beste aktrise gewen. In haar finale jaar het sy 'n kabaret geskryf en toe het die televisiewerk begin. Maar daaroor wil sy nie praat nie - "hulle sit jou in *terrible* klere." En toe kom *Joseph* waar hulle soms in die kleedkamer ge*jam* het. Dis hoe die gewilde groep Cutt Glas gebore is. En toe is dit Nataniël en Kerkorrel. En ja, erken sy, dis nogal lekker om 'n *shoowhagirl* te wees.

Die idee vir *Head On* is al twee jaar in haar kop. "Ek het geweet ek wil 'n show doen oor 'n vrou. Oor Joan of Arc of Josephine van Napoleon." En toe lees sy sewe boeke oor die skandalig, spandabelrige koningin, Marie Antoinette. En na drie maande in haar kamer met 'n klavier is die *songs* gebore. Aan die begin van die jaar het sy Nataniël genader om aan haar meestal historiese teks 'n meer poëtiese kwaliteit te gee.

"Ag en toe bel ek vir Sandra Prinsloo. Toe sê sy Bekkie, dis *fine*, ek sal jou *direct*. Ek was in 'n *flat spin*. Ek het net geweet daar moet variasie



wees in die *songs*, ek moet mense *entertain*. My *favourite song* is 'Revolution'. En die lekkerste is die *acting*, al is myne bietjie verroes. Maar haai," sê sy en rek haar bruin oë, "nou moet ek tee en 'n sigaret kry. Is hier nie *waiters* nie?"

Transvaalse resensente het *Head On* aangeprys. En hoe voel Lydia vom Hagen oor kritiek?

"Ag jy weet, dis een ou se mening, maar dit gaan uit en mense lees dit. Maar ek lees dit, dis vir my belangrik om te weet wat die mense daarvan dink. Ek vat dit party keer baie erg op. Maar ek sal in die toekoms moet leer om objektief daarna te kyk. Is dit nie dalk so of so nie? Maar nou raak ek net kwaad."

Sy vertel hoe al *Head On* se musiek drie dae voor openingsaand in die Waterfront in Bloemfontein gesteel is. Hulle moes in twee dae al die musiek ooropneem. Dis nie wat dit was nie, maar dis die beste wat hulle in twee dae kon doen. "Maar julle hoef nie daaroor te skryf nie, ek maak nie verskoning nie."

Lydia skuif haar hoed reg en vroetel aan die Anne Frank-lapelwapen op haar onderbaadjie. "Ja, Earl Grey asseblief, en het julle muffins of iets? Of iets met room en *strawberry* konfyt? Muffins met room en *strawberry* konfyt, ja."

Kaapstad maak haar mal. Dis soos San Francisco met die kabelkarretjies en berge. Tog is Kaapstad mooier en wil sy hier bly. Maar die Kaapse gehore is 'n ander storie. "Hulle is snaaks hoor, anderster tipe mense. Hulle klap nie na die eerste drie *songs* nie. Hulle weet nie wat gebeur nie. Aan die einde klap hulle en dan weet jy hulle was daar. Aan die begin het dit my gegooi, maar toe sê Sandra niks mag my gooi nie. Maar die applous aan die einde was vir my *stunning*."

Lydia het nie 'n horlosie nie. "Ek moet vir my 'n horlosie kry, een wat net só groot is," en sy beduie na iets wat omtrent so groot soos 'n piering lyk. "Of 'n wekker. Ek het twee horlosies, maar altwee is stukkend. Ek moet maar hier in die Kaap vir my 'n nuwe horlosie koop. Die goed gebeur net die heeltyd, ek is altyd 'n bietjie laat. Nou dink die mense dis ek."

Onder haar musikale invloede tel Barbara Streisand, Chris de Burgh, The Carpenters en Sting. Sy vertel hoe sy gedroom het Sting kom na haar vertoning kyk. En agterna het hy vir haar in die kleedkamer kom kuier.

Die musiekbloed vloei dik in Lydia se are. Bo en behalwe haar ma wat trekklavier en konsertina speel en haar pa wat sing, het haar oupa nog tot twee jaar gelede saksofoon gespeel. En daar is oom Johnny met sy Jakaranda Orkes wat veral in die Carlton Hotel geboogie het. En ook is daar Marc Duby, die bekende dubbelbasspeler met wie sy in Desember in Kaapstad trou.

"Jy weet, dis alles sy skuld, dis sy idee. Maar *meantime* weet ek dit lankal. Hy het die mooiste stem en hy gebruik sy hele arm om daai dubbelbas te speel. O, ek is mos in my moer in!"

# Die trol in die drinkwater



By Keith Bain

WELCOME, at last, to the middle of *Die Matie* - the one place you won't have to read anything about the bloody SRC election.

Anyway, it's with great relief that South Africa is finally reaching cultural puberty. We are all so ecstatic that Winnie and her new political portfolio have been able to organise that Sting and UB40 made it all the way to the Mother City. Mrs Mandela is hereby nominated for Best Actress in a Supporting Role. Now there's a challenge for the SRC - why not get Sting to play at Coetzenburg (or will we be subjected to Pierre de Chamois again next year?).

Congratulations must go to *Ster Kinekor*. They are awarded the *Best Mini-Movie Oscar* for creative ingenuity. As compensation for their measly four, smaller-than-television screen cinemas, *Ster Kinekor* has decided to cram as many different films, at as many different times as possible, into a single week. Such a pity most of these are classics by the time they reach Matieland.

O, ja! En moerse dankie aan *Ster Kinekor* dat hulle die winter die hele jaar aan die gang hou, miskien het hulle nog nie die lugversorgingshandboekie gelees nie.

Cheers!

# Prepare for speed



KEANU REEVES (right), is the star of the gripping, action-packed film, *Speed*, which opens in Stellenbosch tomorrow. Reeves plays a Los Angeles SWAT cop, Jack Traven, in this fast-paced thriller about a city bus which is rigged to explode to smithereens when its speed falls below 50 mile per hour, or when three hours elapse - whichever comes first.

Co-starring as the bad guy, is veteran actor, Dennis Hopper. He plays a viscious criminal, with a sense of humour and a penchant for evil revenge. *Speed* marks Jan De Bont's directorial debut, and is a *tour de force* of stunts and action.

De Bont was the cinematographer for *Die Hard* and *Lethal Weapon 3*, and it seems that the thrilling depiction of mayhem and spectacle has left its mark on this talented filmmaker.

Catch *Speed* for the adventure ride of the year, and enjoy a never-before-seen 50 foot leap in a ten-ton bus.

# Die koppie krimp

**PRODUKSIE** **HEAD ON**
**KUNSTENAAR** **Lydia vom Hagen**
**REGISSEUR** **Sandra Prinsloo**
**TEATER** **V&A Teater (Waterfront)**

Deur Johan van Zyl

*HEAD ON*, Lydia vom Hagen se eerste solovertoning, is 'n mengsel van kabaret en musiekblyspel. En as 'n mens háár debuut met dié van kunstenaars soos Nataniël, Casper de Vries en andere (jare gelede) vergelyk, kwyt sy haar goed van haar taak.

Die lewe van Marie Antoinette, daardie "laat-hulle-koek-eet" koningin, word parallel met dié van Lem, 'n kommen Afrikaanse haarkapster aangebied. By laasgenoemde slaan Nataniël (wat verantwoordelik was vir die finale teks) se kenmerkende humorsin deur. En kan jy nou meer, hierdie keer werk dit nie, is dit glad nie snaaks nie. Miskien moes Vom Hagen maar eerder by haar oorspronklike, meer geskiedkundige teks gebly het.

Vom Hagen se lirieke en musiek, asook Didi Kriel se musikale verwerkings, is uitsonderlik. Hier kan 'n mens, selfs hiperkrities beskou, maar min fout vind. Veral in nommers soos "Ek voel jou" en "Revolution" oortref sy haarself. Haar stem is, om dit sag te stel, ongelooflik.

Dekor, rekwisiete (veral die funksionele popkop), kostuums en subtiele beligting dra verder by tot die visuele sukses van *Head On*. Maar in die eerste ry word jy bykans tot 'n asma-aanval gedryf deur die gedurige gebruik van die rookmasjien. Dié teaterfoefie kan gerus guillotine toe.

*Head On* is nie 'n groot teleurstelling nie en verdien 'n groot gehoor. Dis net dat 'n mens 'n pryswenner roomkoek verwag met sulke groot name. En jy kry darem 'n lekker sjokoladekoek met 'n fenomenale sangstem. En dit is net-net genoeg.

* *Head On* is van Maandae tot Saterdae om 20:00 te sien. Dié vertoning is nog tot 24 September op die planke.

# For art's sake

By Adele Davey



THE UNIVERSITY Art Gallery in Dorp Street is currently exhibiting art works by staff of the Creative Arts Department.

Comments in the visitors book range from "There is a disgusting cancer growing here!" to "Do me!".

These views expressed by the public, are mostly aimed at Anton Kannemeyer's *Bitterkomix* extract, entitled *Liefde en Missiele*, which may be viewed as pure pornography and perhaps only there to disturb it's viewers. One also wonders why it is mainly women that are expressing these negative views. It appears that this kind of art does not bother men as much, in fact, Kannemeyer's comic strip is all that many of them go to see!

Among the works of art which leave a lasting impression, are Paul Emsley's chalk drawing entitled *Elephant*, and Pienaar van Niekerk's oil on canvas paintings. Paddy Bouma's *Dummy Book*, in which she uses only pencil as medium, is also truly enchanting!

The exhibition, which is open to the public until the 22nd of September, is worth a visit by anyone with even the slightest interest in art -even if it's only to see what all the fuss is about. But beware: this is not for the faint-hearted!

# Lentefees vir verveelde huishenne




DIE JAARLIKSE Stellenbosch-fees bied in die Oktobervakansie 'n wye verskeidenheid vermaaklikhede en interessante opvoedkundige lesings vir minderbevoorregte tuisblyers. Die fees dek alles van 'n simfoniekonsert tot 'n boomidentifiseringskursus.

Hoogtepunte op die musiekspyskaart is 'n uitvoering van Brahms se *Die schöne Magelone* deur Werner Nel (bariton) en Albie van Schalkwyk (klavier), 'n tjello- en klavieruitvoering deur Anmari van der Westhuizen en Ilse Schumann, 'n uitvoering deur die vermaarde sangeres Sibongile Khumalo en Andrew Ford (klavier) en 'n uitvoering deur die Moskouse Staat Simfonie-orkes.

Uitstallings in al die kunsgallerye in die dorp behoort die kunsliefhebbers besig te hou en vir natuurliefhebbers is daar 'n veldblomuitstalling in die Jan Marais-reservaat. Die gewilde straatfees beloof om weer groot skares te lok. Vir verdere inligting kan 'n pamflet by die Inligtingsburo verkry word.

# Skrywersvreugde

DIE wenners van die SR-skrywerskompetisie is uiteindelik Dinsdagaand by 'n kaas-en-wyn-geleentheid in die *Rustic Café* aangewys. Die talle inskrywings (oor die seshonderd in die Afrikaanse poësie-afdeling alleen) was vanjaar van wisselende gehalte, maar die werk van die skrywers op die kortlys was van 'n uitsonderlik hoë standaard. Die wenners van die onderskeie afdelings het elk 'n prys van seshonderd rand ontvang. Hiernaas verskyn die ekstatiese wenners.



# Sterre val in moederskoot

Deur Albertus van Wyk

DIE MOEDERSTAD is besig om 'n rockparadys te word. Wat 'n ironie! Vir vyf-en-twintig jaar het ons droëbek sit en wag en nou moet jy kies tussen legendes soos Sting, UB40 en Jethro Tull wat almal binne 'n bestek van twee weke optree.

Musikaal het hulle nie veel in gemeen nie, maar Sting het, soos die ander twee groepe, op 'n baie eienaardige manier aan sy naam gekom. Hy heet so omdat hy vroëer die gewoonte gehad het om breë gestreepte truie te dra wat hom na 'n by laat lyk het.

UB40 is na 'n werkloosheidsvoordele-vorm vernoem en Jethro Tull is die naam van die agtiende-eeuse uitvinder van die saadboor!

Sedert Sting afstand gedoen het van sy pop *pin-up* beeld as voorsanger en baskitaarspeler van die New Wave-trio, *The Police*, het hy 'n reputasie opgebou as diep denker, redder van die Amasone, akteur en veral musiek-megaster. In 1985 span díe voormalige laerskoolonderwyser sy kragte saam met vier Amerikaanse jazz-virtuose: Kenny Kirkland (klavier), Darryl Jones (baskitaar), Omar Hakim (tromme) en die briljante Branford Marsalis (saxofoon).

Sy doel was om 'n fusion te skep tussen die Britse liriese pop-tradisie, jazz en Jamaikaanse *folk*-ritmes en dit dan as 'n platform te gebruik vanwaar hy sy soms introspektiewe en meestal sosiaal-kritiese boodskap kon oordra. Drie albums is hieruit gebore: *Dream Of The Blue Turtles*, *Bring On The Night (live)*, en die nou reeds klassieke *Nothing Like The Sun* (1987).

Sting se eksperimentele waagmoed het uiteindelik groot dividende opgelewer. Hy staan uit as 'n unieke kreatiewe krag in die laat tagtigerjare, toe trefferparades oorheers is deur óf ou liedjies opgewarm as dansnommertjies óf kommersiële tranetrekkers soos Michael Bolton.

Hoewel *Soul Cages* deur David Sinclair, van die *London Times*, as "a dreary musical portrait of the artist in his middle-age looking for answers among the tombstones" beskryf word, lui dit definitief 'n nuwe era in sy loopbaan in. Die nuwe styl fluktueer tussen pop en toeganklike rock. *Ten Summoners Tales* (1993) is 'n voortsetting van hierdie styl, maar met 'n tong in die kies aanslag.

Vir toegewyde aanhangers is sy konserte op 27 en 28 September in die Goeie Hoop-sentrum soos 'n droom wat waar geword het.





Van al die groepe wat in die Britse post-punk, *2-tone*-era ontstaan het, is UB40 die enigste wat nie afgewyk het van hulle oorspronklike styl en doelwitte nie. Sedert hulle eerste optrede in 1978 het hulle 'n groot internasionale gehoor opgebou vir hulle nie-rastafariese, polities-bewuste reggae.

Drie studente, Brian Travers, Jim Brown en Earl Falconer het in 1977 in Birmingham besluit dat die feit dat hulle nie instrumente kan speel nie, geen rede is om nie popsterre te word nie. Hulle het voor die voet instrumente gekies en nie lank daarna nie het die beroemde broers Robin en Ali Campbell (beide op kitaar), Jimmy Lynn (klawerborde) en 'n paar ander karakters by hulle aangesluit.

UB40 se eerste vrystelling, *King/Food For Thought*, het nommer vier op die Britse trefferparade gehaal en hulle eerste album, *Signing Off*, nommer twee. Hierna het hulle 'n onafhanklike platemaatskappy, DEF-International gestig en die eerste groep geword om internasionale sukses onder 'n klein onafhanklike label te bereik. 'n Mens kan egter met reg sê UB40 se grootste sukses is afhanklik van die talle *covers* wat hulle opgeneem het. Die hele *Labour Of Love*-album, *Red Red Wine* (Neil Diamond), *I Got You Babe* (Sonny en Cher) saam met Chrissie Hynde en die onlangse *I Can't Help Falling In Love* , is enkele voorbeelde.

UB40 is uitgesproke anti-apartheidsaktiviste wat op Mandela-dag opgetree het en die slagspreuk "Amandla Awethu" in die lirieke van *Sing Our Own Song* ingesluit het. Die groep het in die gees hiervan die kaartjies vir hulle konsert in Groenpuntstadion, so bekostigbaar moontlik gemaak (R29-R90).

Jethro Tull is die eerste van die legendariese laat-sestiger, vroëe sewentiger groepe om Suid Afrika te besoek - in ag genome dat hulle een van die enigstes is wat nog bestaan. Hulle vier vanjaar hulle vyf-en-twintigste bestaansjaar. Pasop, oor die muur is hulle nog glad nie. Onder die aanvoering van die "mal fluitspeler" Ian Anderson, het hulle so onlangs as 1988 'n Grammy gewen (beste harde rock-band vir *Crest Of A Knave*).

Na verskeie eksperimentele en *folk-rock* albums, het Tull in die afgelope paar jaar teruggekeer na hulle blues-geïnspireerde harde-rock oorsprong (*Catfish Rising*, 1991). Tull tree op 9 en 10 Oktober in die *Three Arts*-teater in Plumstead op en sal van daardie klassieke treffers soos *Aqualung*, *Locomotive Breath* en *Thick As A Brick* uitvoer. Kaartjies vir al drie die konserte is by Computicket beskikbaar - moenie hierdie kans van 'n leeftyd misloop nie.


**CLUB ACTION BAR**

**HOTEL DIE KUILE**

**8 NOOIENSFONTEIN AVENUE, KUILSRIVER**

**TEL (021) 903-1105**



**LUNCH CABARET**

***MONDAY TO FRIDAY***

TWO OR MORE SHOWS FROM 1.15 PM

TOPLESS WAITRESS

**NIGHT CABARET**

***MONDAY, WEDNESDAY & THURSDAY***

THREE OR MORE SHOWS FROM 7.00 PM

***VERY PRIVATE SHOWS***

OPEN TILL LATE

***MEMBERSHIP CARDS AVAILABLE AT DOOR***

# Bitching on the balcony of life

**DRAMA KARNAVAL**

**DIRECTOR Mark Graham**

**WITH**

**Esther von Waltsleben, Anneke Hayward, Jaco Bouwer, Andrea van Tonder, Madelyn Swanepoel, Natasja Ruiter, Cornelius Koopman**

By Keith Bain and Gwyneth Bowmer



FOR a Seventies comedy-drama, *Karnaval* plays particularly well in the New South African context. Of course, given the talent and artistry of playwright Pieter-Dirk Uys, the success of this play comes as no surprise.

*Karnaval* is an intense and often disturbing look at the dishevelled lives of a group of Capetonians to whom society has been less than favourable.

On a balcony amidst the festive activities of just another New Year's eve, the shocking realities associated with lost hopes and dreams are exposed and examined in larger-than-life reality. Here is human angst and personal torture at its most intimate, with life's preordained failures providing the ultimate misery. The three doors on stage open on to the lives of each of the characters in the play, and reveal to us a world which is terrifyingly real. As they verbally interact, they also step out of their shielded existences and expose the threads which constitute the fearful mundanities of their pathetic lives. It is through these furious and somewhat frustrated conversations that their fears and disillusionments are exposed in a series of bittersweet abandonments.

And yet *Karnaval* is brilliantly funny, packed with a comic hysteria which is typical of South Africa in every respect. Fun is poked at cultural and social stereotypes with a penetrating and scathing theatrical tongue, while emotions and laughter run high throughout.

Despite a few avoidable dips in the pace of this generally well-charged production, Mark Graham has directed an entertaining tribute to a remarkable dramatist.

The ensemble cast works well together, with a brilliant Esther von Waltsleben playing Dora, the mother-hen-gone-wrong, and Anneke Hayward giving a sympathetic performance as the maltreated, and very fertile, Phyllis.

Those that missed this excellent show during its run in the *Keller*, can catch it on the 17th and 18th of September in Cloetesville's *Breughel Theatre*. *Karnaval* is definitely not to be missed.

## Glansblad nou goue bruid

Deur Con Buys

DIE *Stellenbosse Student*, jaarblad van die US, vier vanjaar haar halfeeufees en beloof om meer opwindend as ooit tevore te wees.

Buiten dat vanjaar die eerste keer van 'n volbladopmaakstelsel, *Pagemaker 5*, gebruik gemaak is, val die klem op foto's en kan dit inderdaad 'n fotoverslag genoem word.

Volgens die redakteur, mnr Kobus Burger, is daar weggedoen met die bestaande redaksies weens die beperkte begroting van die jaarblad. "Ons moes met min baie vermag en het in plaas van ellelange beskrywings van verenigings en sportklubs goeie kwaliteit fotografie gebruik."

Die eerste gedeelte bevat interessante brokkies uit vorige uitgawes en 'n lekkerlees-terugblik op die geskiedenis van die jaarblad.

Saam met die bekendstelling van die *Stellenbosse Student '94*, word 'n reünie vir oud-redaksielede gereël. Die bekendstelling sal teen middel Oktober plaasvind.

Vanjaar se uitgawe beloof om 'n groot verrassing te wees en moet nie met vorige jare s'n vergelyk word nie.

## Ready for Roman pumphouse action?

THE *WATERFRONT* has yet another exciting addition to its range of entertainment attractions - *The Pumphouse Gladiators*!

Yes, you've seen it on American television shows, and probably had wild Mad Max dreams in which you were a gladiator yourself. Well the time has come for those exotic imaginings to come true.

*The Pumphouse* has changed its interior into a "gladiator arena" available to the public, free of charge. Open from Wednesday to Monday this fantasy-world, which includes wallclimbing, gladiator jousting, horizontal bungi jumping and the cargo net, is something not to be missed. And for those of you who might fear for your lives, don't worry, this isn't ancient Rome - there is nothing too lethal.



Die rock band Valiant Swart (bo), vergesel Koos Kombuis op 'n Nasionale Toer met die doel om sy nuwe CD, ELKE BOEMELAAR SE DROOM bekend te stel. Die toer het afgeskop by Livestock in Pretoria, en maak volgende week, 21 en 22 September 'n draai by Upstairs in Stellenbosch. Kaartjies kos R8.00 en is beskikbaar by Upstairs en Mystic Promotions kantoor no.7, Drostdysentrum.



## Matie Melkweg

Dag en Nag, altyd op die voorpunt van nuwe voorwendsels en agterbakse aspirasies bring u "Die sterre voorspel" deur MAMA HARVEST en positiewe interaksie met haar inspirerende muse, KOOLTJIE.

### Die Ram

Siende dat jy so 'n selfvoldane individu is, verwag 'n pannekoek binne jou sop binne die volgende week.

### Die Bul

Vermy porseleinwinkels binne die volgende twee weke.

### Gemini

Who are you really? See next issue for astounding revelations.

### Cancer

Tip: Avoid phrases like - "Where is it?" and "Did the dog die or is that your perfume?"

### Leo

As gevolg van die son wat nou in die weste opkom, ontstaan daar 'n groot risiko vir koeke in jou maanhare.

### Virgo

Stress and vibrations cause short-circuits, invest in safe-stress. Tip: *Super Eveready*, rechargeable batteries available at *Diskom*.

### Die Weegskaal

Jy's slim en het goeie visie, maar moenie die kat dood skop nie, dit bevorder bulimie.

### Saggitarius

Remember a foot in the mouth is better than two up the ass.

### Die Steenbok

Die rot-wedloop is verby, die kraaie het gewen. Probeer die Dassie-wedloop vir beter resultate. (Dis nou nie die strik dassie nie, dis die *clip* dassie.)

### Waterdraer

Wenk: Fungus onder die bed skakel niemand aan nie.

### Pisces

Scratch and sniff.

### Scorpio

Sorry, almost forgot about you - uneventful week ahead.


PUMPHOUSE GLADIATORS

Teams from
Stellenbosch
UCT
Cape Technikon
Boston House

LET THE GAMES BEGIN

HANSA R2 A CAN

Support your team on
Wed. 21st September 1994

THE GAMES BEGIN AT 9PM



Kwik-Fit

☐ SKOKBREKERS ☐ TREKSTANGE
☐ UITLAATSTELSELS

Rekeninge geopen
Spesiale studente afslag
Gewaarborg by 130 takke landwyd
Skakel BAREND of TREVOR
by 886 5829 of 887 2767



WOULD YOU SUPPORT A REGULAR SAFE PUBLIC TRANSPORT SCHEME BETWEEN STELLENBOSCH AND CAPE TOWN?

Please contact Mary-Ann Kemp at 808-2321/61-3934 for further information.

# Apatie: die dodelike risiko

## Seksuele onkunde steek kop in die Bos



In Mei vanjaar het "Die Matie" 'n ondersoek geloods oor aborsie en swangerskappe onder studente op Stellenbosch. Die feite en statistieke wat aan die lig gekom het, het van grootskaalse onkunde en apatie gespreek. 'n Gevolgtrekking van hierdie ondersoek was onder andere dat studente steeds weier om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle seksuele aktiwiteite. Hierdie houding kan verreikende gevolge inhou vir die studentegemeenskap. WENDY GEAR het die situasie op Stellenbosch gaan ondersoek.

GS, waarskynlik die grootste beiging vir die mens se voortbean, word uiteindelik nou deur die gering aangespreek, na stygende mmer onder die publiek. Die we regering het in Julie vanjaar 57 miljoen beskikbaar gestel vir orligtingsprogramme en mediese lp aan VIGS-pasiënte. Hierdie ppe blyk glad nie so drasties te es nie. Na aanleiding van statiske uitgereik deur die National ids Training and Outreach Proamme word geskat dat 600 000 id-Afrikaners aan die einde van rlede jaar met die HIV-virus benet was. Hierdie syfer sal ten min verdubbel voor die jaar 2000. In nerika en Europa is hierdie siekte grootliks onder die gay-gemeenskap waargeneem, maar in Afrika is dit 'n heteroseksuele verskynsel. Na raming is sewe uit elke tien inwoners van Malawi reeds besmet met die siekte. Heteroseksuele vroue in hulle twintigs loop die grootste risiko om besmet te word

Die enigste manier om te verhoed dat hierdie siekte katastrofiese afmetings aanneem, is deur verantwoordelike optrede in seksuele verhoudings aan te moedig.

Die goeie nuus is dat daar nog geen HIV-positiewe gevalle by Studentegesondheid en die plaaslike kliniek gediagnoseer is nie. Alhoewel hierdie statistieke verblydend is, beteken dit nie dat daar nie in die voorsienbare toekoms so 'n probleem gaan wees nie. Seksuele onkunde, apatie en relatiewe promiskuïteit onder studente, kan dalk 'n ramp veroorsaak.

'n Suster by die plaaslike kliniek (wat graag anoniem wil bly) vertel dat die algemeenste vorm van kontrasepsie wat daar aangevra word, die "morning after"-pil is. Dit is 'n redelike drastiese hormoonbehandeling wat, soos die naam aandui, binne 72 uur na seksuele omgang gebruik word om swangerskap te verhoed. Omdat dit so 'n groot hormoondosis is, word vrouens wat dit aanvra, aanbeveel om eerder 'n ander metode, soos die pil of die baie hoog aangeskrewe kontrasepsie-inspuiting, te gebruik. Alhoewel die pil as kontrasepsie-metode feitlik een honderd persent betroubaar is, kom die meeste vroue egter steeds vir 'n tweede en selfs derde "morning after"-pil. Die drie-maandelikse kontrasepsie-inspuiting kan vir meisies wat nie elke dag 'n pil wil sluk nie, baie gerieflik wees. Hierdie metode word ook nie deur die gebruik van antibiotika aangetas nie en lei tot die afwesigheid van die maandelikse menstruasiesiklus. Aangesien hierdie kontrasepsie en voorligting gratis en konfidensieël by die kliniek en Studentegesondheid verkrygbaar is, is dit volgens die kliniekpersoneel ontstellend dat studente dit nie gebruik nie, tot nadeel van hulle eie gesondheid.

'n Suster by die kliniek beweer dat die meeste studente, as gevolg van geloofsoortuigings, voel dat voorhuwelikse seks onaanvaarbaar is. Tog is hulle seksueel aktief, maar huiwer om kontrasepsie te gebruik aangesien hulle dan moet erken dat hulle "sondig" is, en word elke dag daaraan herinner deur byvoorbeeld 'n pil te sluk.

### Na die paartie

Onkunde is blykbaar ook 'n groot probleem. Omdat seksvoorligting nie op skoolvlak, veral in Afrikaanse skole, so gereeld aangebied word nie, maak die eerstejaar sy/haar besluit oor kontrasepsie eers nadat 'n seksuele verhouding begin is, en oorweeg nie voorbehoeding voordat die situasie sy kop uitsteek nie.

Volgens die suster by die plaaslike kliniek is dit ook ontstellend om te sien hoeveel vroue na Karnaval of Intervasity om hulp (meestal in die vorm van die "morning after"-pil) aanklop. Volgens haar is drankmisbruik die grootste oorsaak hiervan.

"Na 'n paar drankies word geloofsoortuiginge en verantwoordelikheid by die slaapkamervenster uitgesmyt. Oor die invloed van die seisoene kan mens ook net wonder: na Lentedag was daar weer so 'n histeriese stormloop."

### Waar is die ouens?

Volgens die suster sien sy gemiddeld net drie mans per week, in vergelyking met die ongeveer 150 vroulike studente wat vir hulp of raad by die kliniek aanklop.

Dit lyk dus asof mans op Stellenbosch blykbaar steeds voel dat dit die vrou se verantwoordelikheid is om nie verwagtend te raak nie. Maar ongewenste swangerskappe is lankal nie meer die enigste probleem nie. Seksueel oordraagbare siektes, wat nie deur kontrasepsie-metodes soos die pil en die drie-maandelikse inspuiting voorkom word nie, word meer algemeen op Stellenbosch aangetref, en die enigste manier om dit te verhoed, is deur die gebruik van kondome wat verniet by enige kliniek beskikbaar is. Die mees algemene seksueel oordraagbare siekte op Stellenbosch is genitale vratte. Ongeveer drie gevalle per maand word aangemeld by die plaaslike kliniek. Hierdie statistiek is veral kommerwekkend, aangesien indien dit nie behandel word nie, dit tot servikale kanker kan lei - 'n dodelike siekte. Ongeveer tagtig persent van hierdie kliniek se pasiënte is studente. Herpes is tweede op die lys - ongeveer een of twee gevalle per maand. Hierdie siektes kan nooit ten volle genees word nie en kan net tydelik onder beheer gehou word. Hierdie infeksie vorm blasies of letsels wat van tyd tot tyd op die genitalieë voorkom en dikwels 'n gejeuk en pyn veroorsaak.

Volgens die suster by Studentegesondheid sien hulle baie min studente vir berading en hulp. Volgens haar kan dit wees omdat die kliniek in die studentegemeenskap geleë is en dat studente ongemaklik voel omdat hulle daar deur hulle mede-studente raakgesien kan word. Tog bied Studentegesondheid 'n gratis diens. Die informasie word streng vertroulik hanteer en studente hoef nie bekommerd te wees dat hulle ouers daarvan sal uitvind nie.

Studentegesondheid het aan die begin van hierdie kwartaal 'n projek geloods om die onkunde-probleem aan te spreek. Dié projek (genaamd "Portuurgroepberading") is reeds vir drie jaar suksesvol aan die gang by Tukkies. Ongeveer dertig Sielkunde- en Maatskaplike-studente in hulle finale jaar is opgelei deur die universiteit in seksvoorligting. Groepe studente is in koshuise en op kampus bymekaargemaak en, na 'n behoeftebepaling, is korrekte informasie en hulp aan die studente oorgedra om hulle meer kundig te maak oor seks en die risiko's daaraan verbonde. Die universiteit beplan om hierdie projek permanent aan die gang te hou.

Dit is 'n groot probleem om die apatie waaraan die algemene student op Stellenbosch ly, aan te spreek. Niemand kan daarvoor verantwoordelikheid aanvaar behalwe die student self nie. Dit is lewensbelangrik dat elke student sy eie besluit oor seksuele verantwoordelikheid en kontrasepsie neem.



# Student vertel van geslagsiekte

Geslagsiektes is nie kieskeurig nie. Soos dit uit die vorige artikel blyk, staan enige seksueel aktiewe persoon, wat nie die nodige voorbehoedmiddels gebruik nie, die kans om 'n geslagsiekte op te doen. LIZA ALBRECHT het met "Karin" ('n skuilnaam vir die doeleindes van hierdie onderhoud) - 'n student aan die US gaan gesels. Sy het onlangs aan 'n geslagsiekte, die popiloomvirus gelei.

**OE het jy die virus opgedoen?**
k was verlede jaar tydens Intevarty by 'n partytjie, waar ek seks met ou gehad het. Ek het hom daardie nd ontmoet. 'n Paar drankies later t alles baie skielik gebeur, en 'n ndoom was nie eens ter sprake . Dit was eers later wat ek ontdek t dat ek die popiloom virus, of te l genitale vratte, by hom gekry t.

**anneer het jy ontdek dat jy die rus het?**
t was omtrent 'n maand later. Ek t vratjies op my genitalieë ontdek aanvanklik glad nie geweet wat t was nie. Ek het egter onmiddek vermoed dat dit iets te doen moes met die insident by die partytjie. t was eers 'n rukkie later, toe ek artikel in verband met die virus 'n vrouetydskrif gelees het, dat ek sef het dat ek die popiloom virus t.

**at het jy gedoen toe jy die simptome begin ervaar het?**
e ek ontdek het dat ek die virus t, het ek begin om meer daaroor te lees. Ek het ontdek dat hierdie rus kan lei tot servikale kanker, dien dit nie gou genoeg behandel rd nie. Ek was aanvanklik baie ng om dokter toe te gaan, maar toe die implikasies van die virus besef het, het ek onmiddelik na 'n dokter op die dorp gegaan. Ek was te bang om na die kliniek of na een van die studentedokters te gaan, omdat ek bang was dat my ouers daarvan sou uitvind. Ek wou ook nie na 'n dokter gaan wie ek geken het nie, aangesien ek vernederd en "degraded"gevoel het.

**Hoe is jy behandel?**
Die dokter was baie simpatiek. Eerstens het hy vir my gesê dat dit goed is dat ek so vroeg na hom toe gekom het, aangesien dit moeiliker is om die virus te behandel, namate dit vorder. Daarna het hy dit vratjies verwyder. Dit het wel onder narkose plaasgevind, maar dit was glad nie pynvol nie. Ek het toe salf ontvang, wat ek vir 'n sekere tydperk moes gebruik. Ek het vir 'n rukkie ongemak ervaar, maar 'n week later was die probleem heeltemal opgeklaar.

**Is jy nou heeltemal genees?**
Die dokter het gesê dat die virus byna volkome genees is - ongeveer 90%. Die kans dat die virus weer sal opvlam bestaan wel, maar dit is onwaarskynlik. Hy het gesê dat indien dit gebeur, ek onmiddelik moet teruggaan na hom toe. Dit sal dan baie makliker behandel kan word.

**Watter invloed het hierdie ondervinding op jou lewe gehad?**
My hele uitkyk in verband met seks het verander. Vir my is losbandige seks buite die kwessie. Ek het nou 'n vaste vriend. Ons het wel seksuele omgang, maar gebruik ter alle tyd 'n kondoom. Dit is egter byna seker dat ek die virus eendag aan my man sal oordra, aangesien ek permanet 'n draer daarvan sal wees. Ek het nooit gedink dat so iets met my sal gebeur nie. Dinge soos ongewenste swangerskap, VIGS en ander geslagsiektes was altyd net 'n ver-af realiteit. Ek besef nou dat dit 'n realiteit is in die lewens van elke man en vrou wat sonder 'n kondoom seks het.

**Het jy ooit weer te doen gekry met die persoon by wie jy die siekte opgedoen het?**
Ek het vir die ou met wie ek by die partytjie seks gehad het, vertel van my probleem. Dit het nogal baie "guts" geverg om dit te doen, maar ek het half sosiaal verantwoordelik gevoel om dit te doen. Hy het ontken dat hy die virus aan my oorgedra het, alhoewel ek vir 'n feit weet dat hy het. Hy het "obviously" vernederd gevoel. Hy het seker gevoel dat ek sy manlikheid aangetas het. Ek hoop net dat hy betyds die virus laat behandel, voordat hy ander meisies ook daarmee besmet.


Alpha Leather

Birdstraat 58 Stellenbosch
Tel: (021) 886-5773

Besoek ons vir 'n wye verskeidenheid kwaliteit leerprodukte.

Ons voorraad sluit in:

★ Lappiesleerbaadjies
★ Beursies
★ Moonbags
★ Ontwerpers handsakke
★ Gordels met "studs"
★ Gordels met gespes
★ Selfoonhouers

DROS | BIRDSTRAAT | STELLEN-KEM APTEEK | Alpha Leather | HERMES CAFÉ

Spesiale aanbod vir studente - Toon jou studentekaart en kry 10% afslag!!!

# STUDENTERAAD 1994/'95



**ANDRÉ SERFONTEIN**
VOORSITTER



**GARETH BRADBURY**
ONDERVOORSITTER, STUDENTEBELANGE



**WILNA ZAAIMAN**
SEKRETARIS, SOSIUS



**DANIE DU TOIT**
BEPLANNING EN ONTWIKKELING



**SCHALK VAN REENEN**
SPORT, VERENIGINGS



**DARRYL WRIGHT**
BEMARKING



**MARIUS PENTZ**
AKADEMIESE BELANGE, LSS



**GERHARDT JOOSTE**
LEIERSKAPS-ONTWIKKELING, SPOG



**NICODÉMUS OLIVIER**
KULTUUR, INTERNE SKAKELING

**SR**

# STUDENTERAAD 1994/'95



**SUSAN DEETLEFS**
EKOSORG, OPENBARE SKAKELING



**DAWIE SLABBERT**
SR-TOER, KLERE EN EREKLEURE, TESOURIER



**ILSÉ SMITH**
USKOR, MEDIA



**MATTHYS THERON**
TSR



**CALLA DU TOIT**
MANSKOSHUISE



**NINA LE RICHE**
VROUEKOSHUISE

## Studenteraadslede en Kontaknommers:

André Serfontein (Voorsitter) 887 1422
Gareth Bradbury (Ondervoorsitter) 886 5172
Wilna Zaaiman (Sekretaris) 887 8916
Danie du Toit 886 5833
Schalk van Reenen 887 2220
Darryl Wright 886 4581
Marius Pentz 887 3725
Gerhardt Jooste 887 3725
Nicodémus Olivier 886 6442
Susan Deetlefs 886 6232
Dawie Slabbert 931 8439
Ilsé Smith 883 3632
Matthys Theron (TSR) 927 685
Calla du Toit 887 9952
Nina le Riche 883 3632

"Raak betrokke ·Get involved"

## Aansoeke vir SR subkomitees:

Aansoekvorms vir die volgende SR subkomitees is by die SR-kantoor (Ou Lückhoffskool, Banghoekweg) beskikbaar.

STUDENTEBELANGE
SOSIUS
BEPLANNING EN ONTWIKKELING
SPORT
VERENIGINGS
BEMARKING
AKADEMIESE BELANGE
LSS (Neelsie)
LEIERSKAPSONTWIKKELING
SPOG (Stellenbosse Politieke Ondersoek en Gesprek)
OPENBARE SKAKELING

Die aansoeke sluit 14 Oktober om 12:00 en aansoekvorms moet by die SR-kantoor ingelewer word. Navrae kan by die SR-kantoor gemaak word, by tel 808 2493.

"Deelname is die geheim tot sukses"

**SR**



# André was al daar

**André Serfontein is onlangs verkies tot die nuwe voorsitter van die Studenteraad. RONNELLE BURGER het met hom gaan gesels.**

**Verlede jaar was jy SR-lid vir erekleure en verenigings. Vanjaar is jy SR-voorsitter. Hoe dink jy het jou posisie en verantwoordelikhede met hierdie skuif verander?**
Verlede jaar was ek hoofsaaklik verantwoordelik vir twee portefeuljes. Vanjaar is ek in 'n sekere sin verantwoordelik vir al die portefeuljes deurdat ek moet toesien dat die ander SR-lede hul werk doen.

**Wat is jou beleid as SR-voorsitter?**
Hierdie is 'n universiteit vir studente. Daarom is die studente die heel belangrikste element in die US. Hierdie feit moet deurgaans onthou word wanneer daar aktiwiteite gereël en besluite geneem word.

**Wat dink jy is die grootste probleme op kampus en hoe beoog jy om hierdie probleme aan te pak?**
Baie studente kom vir drie of vier jaar hierheen om te vergeet van die res van die wêreld, hulself te geniet en 'n graad te kry. Daar is volgens my te min studente wat besef dat hulle reeds op universiteit betrokke behoort te raak by die struktuur waarvan hulle deel is. Dit is 'n kultuur wat nie binne een jaar gaan verander nie. Ek sou graag wou sien dat die SR vir studente wys watter belangrike invloed studente op die Universiteit kan hê.

**Wat sien jy as jou werk as SR-voorsitter?**
Eerstens moet ek toesien dat die SR met al sy portefeuljes moet goed funksioneer. Dit beteken dat ek SR-lede moet motiveer en ondersteun, maar ook moet aanspreek as hulle nie hulle werk doen nie. Tweedens moet ek ingelig wees oor alle terreine van die Universiteit. Enige student moet met enige probleem na my toe kan kom, en ek moet weet hoe om die probleem aan te spreek. Derdens moet ek die studente verteenwoordig op 'n honderd en tien verskillende komitees; vanaf die Raad en Senaat van die US tot die Nasionale Studenteraad-Liggaam. Laastens bly ek 'n student wat studente verteenwoordig.

**As teologiestudent het jy seker 'n sterk Christelike moraliteit. Hoe sien jy die soms opponerende verantwoordelikhede van Christengelowige en SR-voorsitter?**
Ek het wel sterk Christen-morele, maar ek glo nie daaraan om dit af te dwing op die SR of ander mense nie. Dit is soms nodig om van buite my Christen-perspektief besluite te neem, en ek doen dit dan ook.

**Glo jy as Christen en toekomstige NG-predikant aan godsdiensvryheid?**
Ja.

**Wat is jou mening oor homoseksualiteit?**
Ek voel baie sterk daaroor dat daar nie teen 'n persoon gediskrimineer moet word omdat die persoon homoseksueel is nie. Ek besef dat homoseksuele studente op Stellenbosch dit dikwels ondervind. Daarom ondersteun ek beslis groter openheid in die verband.

**Hoe sien jy die posisie van vrouestudente op Stellenbosch?**
Ek dink dat vrouestudent op die oomblik nog gebuk gaan onder diskriminerende reëls. Verder voel ek dat daar nog baie kwessies is in verband met vroueregte wat nog aangespreek moet word. Ek sien myself nie as 'n feminis nie.
Ek dink inkomtye is diskriminerend, maar ek voel ook datdie verwydering daarvan nie die veiligheid van vrouestudente moet beïnvloed nie. Baie streng veiligheidsmaatreëls moet by koshuise ingestel word.

**SALSA is 'n nuwe landswye studentevereniging wat hulle onder meer beywer vir gemengde (mans- en vroue-) koshuise; wat is jou opinie hieroor?**
Tydens 'n besoek aan die Universiteit van die Noorde vanjaar het ons gehoor dat gemengde koshuise die probleem van seksuele teistering op hulle kampus so te sê opgelos het. Waarom nie?

**Glo jy dat studente groter inspraak moet hê in die administrasie van die Universiteit?**
Ja, veral op die vlak waar besluite wat studente direk raak geneem word.

**Jy het vier jaar Meganiese Ingenieurswese geswot, maar daarna oorgeslaan na B.A(Teologie). Hoekom het jy die oorgang gemaak?**
Dit was vir my 'n baie duidelike en besliste roeping van God af. Hoekom ek eers Ingenieurswese moes swot, weet ek nie (nog nie). Maar ek dink dit is 'n voorreg om op 'n geestelike vlak met mense te werk en só vir hulle iets te beteken.

**Hoe verskil die BJ van die Ingenieursfakulteit? Is dit so dat die Ingenieurstudente "geïsoleer" is van die res van die kampus?**
Die BJ het BAIE meer damesstudente, die studente rook baie meer en die dosente is oor die algemeen vriendeliker. Die Ingenieurstudente is wel as gevolg van praktiese redes geïsoleer. 'n Mens het sommige dae al tien periodes, en dan nog in dieselfde klas ook (Al my simpatie!). Maar ek glo die nuwe Neelsie gaan hulle lok.

**Dink jy die SR is relevant?**
Is die lug blou? Die hele idee aan 'n instelling soos die universiteit sonder 'n Studenteraad is mos lagwekkend.

**Wat sien jy as die doel van die SR?**
Om studente se probleme aan te spreek en OP TE LOS; om aktiwiteite te reël vir studente met verskillende belangstellings; om studente te verteenwoordig op belangrike en onmisbare komitees en rade en namens hulle besluite te neem; om nuwe aksies aan te pak (bv. gemeenskapsbetrokkenheid en nasionale samewerking) en studente te betrek daarby.

**Dink jy dat daar groter skakeling behoort te wees tussen die SR en die Matie?**
Nie noodwendig nie. Die SR is nie bo kritiek verhewe nie (dit weet almal!) en die Matie is daar om objektief verslag te doen oor studenteaktiwiteite. Die Matie moet nie 'n spreekbuis vir die SR wees nie, maar moet kan kritiseer en erkenning kan gee.

**Waar sien jy jouself oor sewe jaar?**
In 'n jeugbediening (met my ghitaar) en besig om studieskuld af te betaal.

# Die jag na dakke en dollars

**Studente is hierdie tyd van die jaar besig om behuising te soek en met prysverhogings is koshuisverblyf nie meer so goedkoop as wat dit eens was nie. RAYMOND ELLIS het gaankyk na koshuisbehuising en ook die ander "bekostigbare" alternatiewe.**

PRYSVERHOGINGS vir koshuisverblyf is, volgens mnr DJ Malan van Koshuisadministrasie, 'n uitgemaakte saak. Wat hierdie verhoging presies gaan wees, is nog nie seker nie. Dit sal eers in Oktober moontlik wees om berekenings te doen, maar volgens hom sal die prysverhoging nie die huidige inflasiekoers oorskry nie.

Die herstelwerk wat tans aan 'n aantal koshuise gedoen word, sal volgens mnr Malan, oor 'n aantal jaar verhaal word. Herstelwerk sal dus nie 'n onmiddelike verhoging in kostes meebring nie. Mnr Malan deel *Die Matie* mee dat Administrasie geen beheer het oor kospryse nie en dat verhogings in die koste van etes onvermydelik is. Die Universiteit kry geen wins uit koshuisgelde nie. Daar word slegs probeer om alle kostes te verhaal.

Koshuise het vanjaar nog op 'n "globale kostesentrum" gefunksioneer. Dit wil sê koshuise het mekaar kostegewys gesubsidieer. Hierdie stelsel het meegebring dat baie studente betaal het vir kostes wat hulle koshuis nie aangegaan het nie en ook dat dit onmoontlik was vir koshuise om hul eie inkomste self te bereken. Koshuise verander dus aanstaande jaar na "individuele kostesentrums".

Mnr Malan het aan *Die Matie* gesê dat hulle by Koshuisadministrasie probeer om 'n meer demokratiese sisteem in werking te stel. In hierdie verband is verlede jaar 'n meningspeiling onder koshuisstudente gedoen voor daar besluit is oor moontlike rekenaar- en telefoonfasiliteite in die koshuise. Dit was dus nooit 'n eensydige besluit van Administrasie nie. Nietemin is daar ongelukkig wel 'n gevoel van "Administrasiebeheer" onder studente.

Dit hoef nie die geval te wees nie. Koshuisstudente het ten minste 'n indirekte sê oor wat met hulle geld gebeur. "Koshuisadminstrasie wend wel pogings aan om insette van studente te kry", sê mnr Malan. Daar word byvoorbeeld met die Huiskomiteelede vergader om kostes te bespreek. Die administrasie van 27 verskillende kostestrukture is meer problematies, maar die nuwe stelsel behoort aan studente 'n meer realistiese beeld van behuisingskoste te verskaf sowel as om deelname in die bepalings van kostes te verhoog.

Wat individuele koshuise betref, is daar veral twee verwikkelinge wat van besondere belang is. Sonop is van 1995 af 'n manskoshuis. Daar is wel voorsiening gemaak daarvoor dat 'n paar dames hul volle termyne in die koshuis kan deurbring. Huis De Villiers verander ook na 'n ander formaat. Die koshuis sal volgende jaar 'n woonstelgemeenskap van senior studente huisves. Dit beteken dat daar nou twee minder dameskoshuise as tevore is. Dit is meer koste-effektief, sê mnr Malan, aangesien dameskoshuise selde vol bespreek is. Volgens hom, maak die beperkings op dames (in die vorm van inkomtye), dameskoshuise minder aantreklike verblyf.

Ten spyte van hoër kostes is verblyf in manskoshuise in hoë aanvraag. Die redes vir ekstra kostes is voor-die-hand-liggend. Mansstudente is volgens mnr Malan oor die algemeen meer hardhandig met Universiteitseiendom. Administrasie het reeds probeer om geriewe soos mikrogolfoonde aan manskoshuise beskikbaar te stel. Ondervinding het egter geleer dat sulke geriewe in manskoshuise duurder is om in stand te hou. 'n Sigaretmasjien wat in Helshoogte geïnstalleer is, is flink gevandaliseer en toe weer verwyder. Sulke voorvalle bring onvermydelike hoër kostes mee. Daar word gehoop dat die aantal soortgelyke voorvalle sal afneem wanneer koshuisstudente volgende jaar mee direk moet opdok daarvoor.

Die koste van privaatverblyf i in Stellenbosch beslis hoër as di omliggende gebiede. Die aanvraa vir eiendomme in Stellenbosch he daarvoor gesorg dat grondprys aansienlik hoër is as elders. Mn Heyns van Stellenzicht Eiendom me noem "die groot aantal studen te, duurder grondpryse, hoë bou kostes en die historiese kultuur" as redes vir die stand van eien domspryse.

Hy is van mening dat die aan wesigheid van studente 'n aan sienlike invloed op die eiendom smark uitoefen. "Veral die woon stelmark is gesog onder kopers" sê Mnr. Heyns.

Hoë pryse bring mee dat studen te meer moet opdok vir privaat verblyf, deesdae driehonderd-en vyftig tot vierhonderd Rand en selfs hoër. Me Moolman van Real ty 1 Stelmark is van mening da die grootste rede vir hoë pryse i dat eiendom in Stellenbosch mee "eksklusief" is. "Meer akademi koop hier eiendomme. Dit is historiese gebied en terselfdert is die dorp tussen berge geleë. Di gevolg is dat uitbreiding moeili is en pryse styg." Volgens haa word kamers in huise op die oom blik vir tussen driehonderd-en vyftig en vierhonderd Rand pe maand verhuur.

'n Ander kompliserende fakto vir voornemende huurders is M nisipaliteitsregulasies. Me Moo man deel Die Matie mee dat di teen hierdie regulasies is om student in 'n motorhuis te huisve Dit is, volgens haar, die vernaam ste oortreding wat verhuurder begaan.

Die slotsom is dus dat studen in 1995 kan verwag om finansi moeiliker kop bo water te hou, gevolg van inflasie en 'n mark w te luuks geword vir die meeste st dente om te bekostig.



# Super Maties bo

Deur Laetitia van der Merwe

DIE US (A) netbalspan het op 3 September in die Boland Everfresh liga gelykop gespeel teen van der Stel. Die puntetelling was 40 elk. Dit was 'n spannende wedstryd en netbal uit die boonste rakke is gespeel. Beide spanne moes hard werk aan aanval en verdediging en hul taktiek moes sekuur toegepas word.

In die eerste kwart het van der Stel makliker die bal in hul doelsirkel gekry. Annie Kloppers en Janine Basson het op die verdediging baie kontakte vir hul span opgetel en so die bal verskeie kere in hul guns laat draai.

In die tweede kwart was beide spanne meer op hul gemak en het die kwart nege elk geëindig. Maties het in hierdie kwart meer doelbeurte as van der Stel gehad en die bal makliker by die doele, Patrys Basson en Santie Loubser gekry. Maties het 15 doelkanse gehad, waarvan ses mis was, terwyl van der Stel tien doelkanse gehad het. Maties het doelgerig verdedig en die bal vier keer in van der Stel se doelsirkel laat draai.

Tydens die derde kwart het Lana van der Westhuizen(HV), Marlene Stemmet(V) en Natasha Westdyk(VV) mekaar puik ondersteun en die spel verskeie kere laat draai, hetsy deur 'n opskiet te wen of die bal te onderskep. Teen die einde van hierdie kwart was Maties met drie doele voor.

Die vierde kwart was 'n nagmerrie en die spanne het behoorlik wipplank gery met die telling. Op die einde het van der Stel die kwart 14-11 gewen. Beide spanne se doele het geskitter met akkurate doelwerk.

Maties het op doelgemiddeld die tweede helfte van die jaar se liga gewen. Dit is die eerste keer in sewe jaar dat die Maties die Superliga wen.



Die US(a) en US(b) netbalspanne in 'n ontspanne luim voor die wedstryd.

# OP DIE KANTLYN

DEUR LAETITIA VAN DER MERWE



## Call me Mister Vain!

Ek het al gereeld mense in my lewe teëgekom wat belaglikhede kwytraak, maar dr Pool se uitlatings in 9 September se *Eikestadnuus* het die kroon gespan.

Die feit dat die Maties derde laaste op die WP-rugbyleer is en dat die Vics vyf keer na mekaar hul wedstryde verloor het, sê vir my een ding - iewers is iets nie reg nie! Die vraag kom nou by my op: Is dit werklik as gevolg van dr Pool se **bedanking** dat Maties se rugby hulle in so 'n verknorsing bevind of is daar nie dalk 'n kans gevat met hierdie verskoning nie?

Ek wil graag vir dr Pool aanhaal uit die *Eikestadnuus*, net vir die wat dit dalk gemis het: "Iemand het my bedanking net na Intervarsity laat uitlek. Dit het 'n onrustigheid by die spelers veroorsaak en die effek was die afgelope paar wedstryde duidelik," asook "Maar toe kom 'n koerant Saterdag en sê dat ek in die pad gesteek is. Die gevolge hiervan op die spelers se spel was duidelik. G'n wonder hulle was dwalend op die veld nie."

Wat dit vir my beteken is, dat as ek weet een van my dosente gaan aan die einde van die jaar weg en ek pluk die dosent se vak, is alles te verstane. Jammer, maar my pa gaan nie val vir so 'n grappie nie!

## Maar dis nie al nie...

Die Rugbyklub kom duidelik goed in die moeilikheid as hulle eers daar is. Vir een van die koshuiswedstryde het die skeidsregter duidelik vergeet (?) dat daar gewoonlik op Vrydae koshuisrugby gespeel word. Dit het na bewering tot gevolg gehad dat Huis Marais en Elsenburg eers later hul wedstryd kon speel. Ai, aai, aai...

## Elke donker klub het goue lede...

Dawie Snyman is onlangs aangewys as die nuwe hoof-afrigter van die Maties Rugbyvoetbalklub. Miskien is hierdie net die oplossing vir ons probleem.

## Vir nagereg:

Gelukkig was daar hierdie week vir die Maties twee ligpunte. Elana Meyer en Okkert Brits het elke Matie se bors met trots laat swel by die Wêreldbeker Byeenkoms in Londen. In die 1000m het Elana die vinnigste tyd ter wêreld hierdie jaar behaal, terwyl Okkert 'n nuwe Afrika rekord in paalspring opgestel het.

# Schalk van Reenen: SR–Lid



DIE grootste gedeelte van die kampus beoefen sport, hetsy op nasionale, provinsiale of sosiale vlak. Daarby gaan die bedrywighede van koshuissport ook hand aan hand met die gees in die koshuise.

Dit is belangrik om toe te sien dat elkeen wat 'n behoefte het om 'n sport te beoefen, besef wat die Universiteit van Stellenbosch aan elke sportman en sportvrou bied en watter middele daar bestaan om van hierdie geleenthede gebruik te maak.

Ek kan gekontak word by

☎ 8872220.
Geniet jou sport!
Schalk van Reenen
(SR-Lid: SPORT)

# Maties-Kanoklub vaar goed

DIE KANOVAARDERS van die US-Kanoklub het tydens die WP-kampioenskappe baie goed gevaar. Angus McIntosh en Benjamin Cochram het 'n elfde plek behaal en het die potensiaal om goed te vaar tydens die SA-K2-Kampioenskappe later vanjaar.

Sub-Veteraan, Gerhard Beukes, en vennoot JT Basson het 'n agtiende plek behaal en was derde in hul klas. David Tudor-Jones en Louis Terblanche kon egter nie die ongeluksvoël vryspring nie. Tydens die tweede skof het Louis Terblanche sy spaan gebreek met nog 30km van die wedvaart wat voorlê. Tudor-Jones en Terblanche was bittereinders en het in die 34ste plek geëindig.

Nuwelinge Oliver Raynham en Graeme Franck het algeheel 45ste geëindig en het die klas vir nuwelinge gewen.

Miles Hodge en Paul Roos het algeheel 100ste geëindig. Anton Cartwright en sy pa het die wedvaart in 'n "Indian Canoe" voltooi. Die wedvaart wat oor 78 km strek is aangepak deur 400 kanovaarders, waarvan slegs 356 die marathon voltooi het.

# Redaksielys

**Hoofredakteur:** Marius de Jager, Parkhof 1, Hofmeyrstraat, ☎ 887 8305
**Assistent-hoofredakteurs:** Johan van Zyl, Dennehof 2, Hofmeyrstraat, ☎ 8875941; Lisa Albrecht, Westside 1, Markstraat, ☎ 883 8127
**DIE MATIE:** ☎ 886 6312 (Antwoord- en faksmasjien)
**Nuusredakteur:** Pieter Bruwer, Moffatstraat 3, Idasvallei, ☎ 887 5926
**Nuus-subredakteurs:** Ross Linström, Helderberg, tel 883 9952; Jan Schoombee, Majuba, ☎887 9952
**Verslaggewers:** Rian Brand, Ronelle Burger, Adél de Villiers, Ebbe Dommisse, Kotie-Ferreira, Li Kellerman, Ross Linström, Gisela Marx, Leoni Molenaar, Nicola Morton,-Jacques Olivier, Caryn Voigt, Zelda Weitz
**Aktueelredakteur:** Raymond Ellis, Dagbreek S18/K18, ☎ 886 6507
**Aktueel-subredakteurs:** Ronelle Burger, Minerva K18, ☎ 883 2072; Wendy Gear, Sonop K31, ☎883 2330
**Verslaggewers:** Michael Jonas, Willem Jordaan, Carien du Plessis, Andrew Starke, Johanvan Zyl
**Interkampusredakteur:** Karen Smith, Sonop K53, ☎ 883 2300
**Interkampus-subredakteur:** Aansoeke word ingewag
**Verslaggewers:** Markus Hill, Siegfried Louw
**Briewe&Menings-redakteur:** Adélle van Wyk, Sonop K52, ☎ 883 2300
**Dag-en-Nag-redakteur:** Keith Bain, Nouveau B11, Birdstraat, ☎ 887 2139
**Dag-en-Nag-subredakteurs:** Gwyneth Bowmer, Langenhovenstraat 13, ☎ 886 4242; Albertusvan Wyk, Van Riebeeckstraat 31, ☎ 887 1961
**Verslaggewers:** Adriaan Brand, Carey Bremridge, Nicola Buchanam-Clarke, Kobus Burger, Uga Carlini, Elouise Coetzee, Sarita de Waal, Louise Erasmus, Wendy Gear,-Liza Grobler, Ryan Hitchcock, Francois Jordaan, Jean Jordaan, Michelle Joubert, Marguerite le Riche, Daleen Lordan, Liani Maasdorp, Francois Naudé, Heidi Pieters,-Lizet Smith, Nicola J Smith, Marianne Stander, Malan Steyn, Johan van Wyk, Wilani-van Wyk, Mia Warwick, HermanWasserman
**Sportredakteur:** Laetitia van der Merwe, Gihonstr 7, Eden, Paradyskloof, ☎ 880 0858
**Sport-subredakteurs:** Danelle Bredenkamp, Nerina, ☎ 886 6406; Herbert Pretorius, Eendrag,☎ 883 9949
**Verslaggewers:** Sean Falconer
**Bestuurshoof:** Aansoeke word ingewag
**Grafiese kunstenaars:** Francois Jordaan, Coret Myburgh
**Advertensiebestuurders:** Johan van Wyk, Hombré, ☎ 886 6447; Louis Broodryk, Moffatstraat3, Idasvallei, ☎ 887 5926
**Hooffotograaf:** Alwyn van Wyk, Weidenhofstraat 10, ☎ 887 3866
**Assistent-fotograwe:** Adrian Huysamer, Huis Visser, ☎ 887 7501/2/3; Francois Raubenheimer, Eendrag K74, ☎ 883 9949
Die Matie: Luckhoffskool, Banghoekweg, ☎ 886 6312

BOEKE

gee jou 'n voorsprong in die lewe!



VS

- VAN -
SCHAIK

VAN SCHAIK BOEKHANDEL
POS- & TELEVERKOPE, POSBUS 3350, PRETORIA
TEL: (012) 3242430, FAX: (012) 3257832, TOLVRY: 0800 11 888 2
VICTORIASTRAAT, STELLENBOSCH. TEL. 887-2830 FAKS: 886-6184

ONS LEWER DIENS - KEER OP KEER

Schalk: jou helpende hand lewenslank p11

# matie sport

DONDERDAG 15 SEPTEMBER 1994

Daar is 'n slang op die Kantlyn p 11

## Maties skitter in Londen

DIE SPRINGBOK topatleet, Elana Meyer, en Stellenbosch se wonderseun, Okkert Brits, het verlede naweek skitterend presteer by die Wêreldbekerbyeenkoms in Londen. Daar is verskeie deurbrake gemaak vir Suid-Afrikaanse atletiek, en die roem wat hulle vir die Matie-klub verwerf het, kan ook nie buite rekening gelaat word nie. Twee jaar gelede sou albei se vertonings hulle 'n goue medalje by die Olimpiese Spele in Barcelona besorg het.

Elana het met haar vertoning in die 1000m haar eie Suid-Afrikaanse rekord wat in 1992 by die Olimpiese Spele aan haar 'n tweede plek besorg het, verbeter. Haar wentyd van 30:52.51 is die vinnigste tyd vanjaar in die wêreld.

Okkert het 'n nuwe Afrika rekord van 5,90m in die paalspring opgestel, maar nie voordat hy eers goed geskrik het nie. Na sy wensprong het die dwarslat afgeval. Brits se afrigter, mnr Joep Loots, het verduidelik dat die dwarslat met 'n tou in posisie gehou is weens die sterk wind, en dat Okkert se paal teen die tou geval het ná die sprong. Die beamptes het egter dadelik beslis dat dit wel as 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord erken sal word.

Elana gaan oor minder as twee weke in Oslo aan die Wêreld-Halfmarathon deelneem. Sy en Okkert gaan ook volgende jaar aan die Wêreld-Baanbyeenkoms in Gotenborg deelneem.

## Die Springbok wat klasgee!

Deur Danelle Bredenkamp

ME DEBBIE HAMMAN, 'n dosent aan die US, is onlangs verkies tot die Springbok netbalspan. Hierdie span vertrek op 24 Oktober op 'n toer na Engeland. Daar word beplan om vyf toetse en agt provinsiale wedstryde te speel en die span sal om en by 20 November terugkeer.

Die doel van die toer is om die span gewoond te maak aan internasionele speeltoestande. Dit is ter voorbereiding vir deelname aan die Wêreldkampioenskappe in Engeland in 1995. Hierdie kampioenskappe sal plaasvind in Birmingham, en die span beplan om ook tydens die toer 'n wedstryd daar te speel.

Dit is die eerste keer in meer as twintig jaar dat 'n Suid-Afrikaanse span in Engeland toer. Die span het dus 'n groot taak om hul vroeëre reputasie as gedugte teenstanders gestand te hou. Die Springbokspan het egter geen illusies oor die feit dat isolasie wel 'n merk gelaat het nie. Volgens me Hamman is hulle "mense wat kan dink" en wat vinnig sal aanpas.

Een gebied waar die span se aanpassingsvermoë bewys moet word, is die manier waarop die skeidsregters blaas. In Suid-Afrika word die spelers baie "beskerm" en word die ligste stampie gepenaliseer. In Engeland konsentreer die skeidsregters sterker op spelvloei.

Die span bestaan uit twaalf lede onder die bekwame afrigting van me Marlene Wagner, wat tans op toer is saam met die SA B-Span in Australië.

# SPORTFOKUS

## LOUIS BLOM


Foto: ANTON VAN EEDEN

**Sport:** Rugby
**Kursus:** BSc
**Koshuis:** Pieke
**Ouderdom:** 28
**Gewig:** 118kg
**Lengte:** 2,01m
**Gunsteling kos:** Pasta
**Rolmodel:** Gert Smal
**Gunstelling drankie:** Coke
**Sterreteken:** Boogskitter
**Gunsteling sportman of -vrou:** Gary Player
**Prestasies:** SA Barbarians, WP, Maties, N OVS.

**Watter prestasie wat jy sover behaal het beteken vir jou die meeste?**
Om die WP te verteenwoordig was tot dusver vir my 'n hoogtepunt, 'n droom wat waar geword het. Die prestasie wat vir my die meeste beteken het is die SA Barbarian klere. 'n Mens speel rugby om dit te geniet, maar werk harder vir erkenning. Daarom het ek darem al erkenning gekry vir harde werk.

**Wie het die grootste invloed op jou sportloopbaan sover gehad?**
Tobie van Rooyen (My skoolhoof in Welkom), dan Dawie Snyman en dr Pool (veral in moeilike tye het hulle raad my baie gehelp).

**Wat is jou opinie oor rugby afrigting en fasiliteite in SA?**
Die fasiliteite is van die beste in die wêreld, jy kry nie beter nie. Oor die afrigting - afrigters begin nou eers skeppend raak en hul spanne se sterkpunte ontgin, deur byvoorbeeld navorsing en 'n meer totale benadering. Persoonlik dink ek 'n meer effektiewe afrigtingsliggaam moet bedryf word om 0/23 talent te ontgin.

**Wat is jou toekomsplanne?**
Ten eerste moet ek my kursus suksesvol voltooi. Dan definitief in die Skiereiland werk soek (hier gaan ek nie weg nie), en later my eie besigheid begin as alles goed gaan. Ek beoog om vir nog so vyf jaar rugby te speel en te bereik waarna baie van ons strewe.

**Wat is jou lewensfilosofie?**
Eerstens harde werk sal beloon word en tweedens doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê.

**Hoe spandeer jy jou vrye tyd?**
Daar is min vrye tyd, maar meestal saam met my meisie en so af en toe saam met die rugbypêlle.

## Ou bekende neem leisels oor van Stellenbosch-rugbytrots

DIE PRESIDENT van die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub, mnr Jannie Engelbrecht, het bekend gemaak dat mnr Dawie Snyman vanaf 1995 aangestel is as die nuwe hoofafrigter van die Maties se Rygbyklub. Dr Pool is nie verder vir die pos beskikbaar nie.

Volgens mnr Engebrecht is mnr Snyman eenparig deur die Uitvoerende Bestuur van die Klub as die nuwe hoofafrigter aangewys. Sy aanstelling is ook deur die Universiteitsbestuur goedgekeur. Hy het verder gesê die Matieklub en nuwe hoofafrigter staan voor groot uitdagings. As die grootste rugbyklub in die wêreld en op grond van die prestasies van spelers en administrateurs, geniet die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub nasionale en internasionale erkenning. Dit is dus, volgens hom noodsaaklik dat die Matie-klub hierdie status gestand moet doen, en dat spanne hul trotse verlede ook deur toekomstige prestasies op die rugbyveld moet voortsit.

Volgens mnr Engebrecht is mnr Snyman die ideale persoon om die mantel van dr Pool oor te neem. Mnr Snyman is 'n oud-Matie wat die meeste van sy rugby onder dr Danie Craven gespeel het. Net soos sy mentor het hy vir die Springbokke gespeel voordat hy vir die Westelike Provinsie uitgedraf het.

Hy het ook reeds as afrigter naam gemaak deur die Westelike Provinsie, gedurende hul goue jare, van 1982 tot 1989 af te rig. Daarom kan hy beskou word as een van die suksesvolste provinsiale afrigters.

R2,00 DISCOUNT COUPON
on developing and printing only at
Fotofast STELLENBOSCH
ONE COUPON PER FILM VALID
Trust Bank Centre • Andringa Street
Tel (021) 883-3435

1 HOUR PHOTO
PROMISE OF PERFECTION

PLUS FREE PHOTO ALBUM
PLUS 30% OFF YOUR PRINTS
PLUS FREE 2 FREE REPRINTS

Quality film at BUDGET prices:
35 mm for colour prints
6 Exp - R5,95 • 24 Exp - R9,95
12 Exp - R7,99 • 36 Exp - R12,95
NOTHING ESCAPES AGFA FILM
Agfa
FOTOF 12/9

Fotofast
Trust Bank Centre, Andringa Street
STELLENBOSCH. Tel (021) 883-3435




## Wie gaan Sauerbeker verower?

Deur Herbert Pretorius

NOG 'n seisoen vol satisfaksie en vir sommige spanne bittere teleurstelling, is nou naby aan sy einde. Vir al die spanne wat meeding om die Sauerbeker bly daar nog net een liga-wedstryd oor.

In Seksie-A van die Sauer-Liga gaan die spanning Vrydagmiddag breekpunt bereik vir twee van die spanne. Beide Wilgenhof en Libertas het twintig waardevolle punte. Bogenoemde impliseer dat geeneen van hierdie spanne 'n enkele fout kan begaan in hul onderskeie laaste wedstryde nie. Alles dui daarop dat Wilgenhof die hardste sal moet spook vir 'n oorwinning, want hul opponente is die gedugte span van Elsenburg. Diegene wat die verloop van die seisoen dopgehou het sal bewus wees dat Elsenburg al verskeie spanne in die stof laat byt het. Libertas speel teen Huis Visser wat nie 'n baie gelukkige seisoen agter die rug het nie. Libertas kan egter 'n groot aanslag van Huis Visser verwag aangesien baie eer steeds op die spel is.

'n Senior beampte van die Matie-Rugbyklub, mnr Danie Roux, het bevestig dat indien Libertas en Wilgenhof gelyk op die punteleer sou eindig, daar 'n uitspeelwedstryd sal plaasvind om die wenner van Seksie-A te bepaal. Die Sentrale Bestuur het hierdie wysiging aangebring op aandrang van ontevrede spanne wat in die verlede op 'n tegniese punt verloor het. Dagbreek het reeds Seksie- B van die liga gewen. Hulle het dit reggkry deur al ses hul wedstryde te wen. In al hierdie wedstryde het Dagbreek ook daarin geslaag om elke keer die meeste drieë aan te teken.

Volgens mnr Roux was dit Libertas se ervaring wat hul so ver gebring het hierdie seisoen. Wilgenhof het weer hierdie semester teruggeveg na 'n baie teleurstellende eerste semester. Mnr Roux skryf Dagbreek se sukses toe aan hul goeie spanwerk en samespel eerder as aan 'n oorvloed aan sterspelers. Hy voeg ook by dat Dagbreek se gedissiplineerdheid, toewyding en goeie geestelike voorbereiding tot nou toe van hulle 'n kampioenspan gemaak h[et]. Oude Molen het ook hierdie [se]mester beïndruk en het verl[ede] week naelskraap met nege p[un]te teenoor ses verloor in [die] wedstryd teen Dagbreek. D[ag]breek het alreeds die eerste [se]mesterfinaal gewen en 'n o[or]winning aan hulle kant in [die] Jannie de Villiers-liga sal m[ee]bring dat hulle outomaties [die] houers van die Sauer-tro[fee] word.

In die Tweede-liga waar [ge]speel word om die Dönges[be]ker, is die vernaamste a[an]spraakmakers Dagbreek, [Si]monsberg en Elsenburg. W[il]genhof en Majuba staan al[eer] ook nog 'n geringe kans om die semesterfinaal (om die Neethling-trofee) te speel. In [die] Derde-liga speel Simonsb[erg] teen Elsenburg en Oude Mo[len] teen Wilgenhof in die sem[ifi]nale. Die finaal van die Eer[ste] liga is op 23 September by [die] Danie Craven Stadion, en di[e fi]naal van die Tweede-liga op [..] September vind ook op dies[elf]de veld plaas.

GEDRUK DEUR NASIONALE MEDIA